BID MET SUKSES

IVOR JEFFERIES

Bid met sukses

Ivor Jefferies

Coram Deo Uitgewers
Kemptonpark

Bid met sukses
© 2019, 2024 deur Ivor Jefferies

Taalversorging: Esta Jefferies

Voorblad ontwerp: Ebert le Roux

Tensy anders vermeld, kom Skrifverwysings uit die Ou Vertaling: 1933, 1953.

Vir wyle Martin Holdt
(1941-2011)

Niemand het my meer
beïnvloed om te bid as hy nie.

Inhoudsopgawe

1.	Ons model vir gebed	9
2.	Hoe om reg te bid	22
3.	Prioriteite in gebed	40
4.	Die doel van gebed	51
5.	Hoe om oor geld te bid	59
6.	Is dit nodig dat jy jou sonde bely?	70
7.	’n Gebed vir beskerming	84
8.	Seisoene van gebed	96
9.	Die krag van gebed	109
	Slotwoord: So moet julle bid	125

“En toe Hy op ’n sekere plek
besig was om te bid, sê een van
sy dissipels vir Hom nadat Hy
opgehou het: Here, leer ons bid, soos
Johannes ook sy dissipels geleer het.”

(Lukas 11:1).

1
Ons model vir gebed

Kinders leer nie net deur wat hulle ouers sê nie, maar deur wat hulle doen. Met gebed is dit dieselfde: ons leer deur wat God in sy Woord sê, maar ook deur wat Jesus gedurende sy lewe op aarde gedoen het. Vir party mense is dit 'n probleem. Toe ek per geleentheid vir iemand sê om nie te sondig nie maar om Jesus se voorbeeld te volg, sê hy: "Ek is nie volmaak soos Jesus nie. Hy is God, daarom was dit vir Hom maklik om nie te sondig nie."

Is dit waar dat Jesus uit sy Goddelike natuur 'getap' het om Homself uit moeilike situasies te red? Allermins: "En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." (Matt. 4:3-4).

Ons weet Jesus is waarlik God. Maar Hy is ook waarlik mens. Net soos ons moes Hy op die Vader wag en op die Heilige Gees se krag staatmaak, die Bybel lees en gereeld bid. Hy het besluit om vir 33 jaar lank die onafhanklike gebruik van sy Goddelike eienskappe neer te lê en Hom aan die Vader se wil te onderwerp.[1] Hy het net gesê wat sy Vader Hom beveel het: "Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek—net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek." (Joh. 12:49-50).

Jesus het nie deur sy eie krag gewerk nie, maar deur die krag van die Heilige Gees.[2] As jy jou aan die Vader onderwerp en vol is van die Gees, kan jy soos Jesus kragtig en gehoorsaam lewe: "Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is." (1Kor. 11:1). "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het." (1Joh. 2:6). Dit geld ook vir gebed. As Jesus moes bid, hoeveel te meer nie ons ook nie?

André Erasmus het dit besef. Ek het hom nie geken nie, maar wyle Martin Holdt het ons van

---

[1] Fil. 2:6-7, Matt. 26:39, Joh. 4:34, 5:19, 30, 6:38, 8:38.
[2] Luk. 3:21-22, 4:1, 14, 4:18-19, 5:17, Matt. 12:28, Hand. 10:38.

hom vertel. André was ’n Engelse Baptiste leraar. Van sy bediening weet ek niks nie, behalwe dat hy ’n kragtige voorbidder was. Toe Martin hom op ’n keer bel, het André ’n paar sinne gepraat en gesê: “Kom ons bid!” Om te bid was vir hom so natuurlik soos om asem te haal. Eintlik het hy maar net sy Verlosser se voorbeeld gevolg.

Jesus was ’n Man van gebed:

“En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na ’n eensame plek vertrek en daar gebid.” (Mark. 1:35). Sy hele lewe is deur gebed gekenmerk: “Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs” (Heb. 5:7).

As jy jouself ’n dissipel van Jesus noem, moet gebed jou en jou gemeente se lewe kenmerk. Sonder gereeld tyd af om met die Here te praat. Sonder gebed sal jy geen krag hê om sonde en versoeking te weerstaan nie. Jy sal nie krag hê om reg te lewe nie. Jou diens aan die Here sal kragteloos wees. Jesus het dit geweet, daarom het Hy by sy doop gebid, waarna die Vader Hom met die Gees vervul en vir sy bediening bekragtig het. Daarna het Hy vir

veertig dae in die woestyn gevas en Hom vir sy bediening voorberei.[3]

Wil jy kragtig lewe en met sukses bedien? Bid soos Jesus. Soek die Gees se krag in gebed. Jesus sê: "hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" (Luk. 11:13). Bid soos Paulus dat "Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens" (Ef. 3:16).

As die Here jou antwoord, sal jy geestelik groei en vrug op jou arbeid sien. Dit sal beteken dat jy baie besig sal raak. Dit mag selfs wees dat jy populêr word. Hoe sal jy dit hanteer? Volg in jou Meester se voetstappe: "Maar die gerug aangaande Hom is nog meer versprei, en groot menigtes het bymekaargekom om te luister en deur Hom van hulle siektes genees te word. Maar Hy het Hom in verlate plekke teruggetrek en gebid." (Luk. 5:15-16).

Moenie soos party leraars en lidmate sê: "Ek is so besig ek kry nie tyd om te bid nie." Volg liewer Jesus se voorbeeld: kry jou wysheid en krag vir 'n besige skedule in gebed. Bring baie tyd op jou knieë deur, sodat populariteit—of die begeerte daarna—jou nie laat val nie. Om te verhoed dat populariteit jou ondergang bewerk,

[3] Luk. 3:21-22, 4:1-2.

sal die Here toelaat dat mense jou kritiseer (2Kor. 12:7).

Hoe sal jy dit hanteer? Volg die Here Jesus se voorbeeld; bid: “En hulle is met uitsinnigheid vervul en het met mekaar gepraat wat hulle aan Jesus sou doen. En Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring.” (Luk. 6:11-12). Baie tyd in gebed is die beste oplossing teen kritiek.[4]

Lang tye van ernstige gebed is nodig voordat ons geestelike leiers aanstel. Jesus het deur die nag hiervoor gebid.[5] Laat ons met dieselfde ywer bid voor ons ’n leraar beroep, ouderlinge aanstel, teologiese studente goedkeur of ’n sendeling uitstuur.[6] Dit klink basies, maar sê my: hoeveel gemeentes en kolleges doen dit? Weet jy van enige? Indien wel is hulle die uitsondering.

Lukas sê verder dat Jesus gebid het voordat die dissipels sy heerlikheid gesien het: “En toe Hy besig was om alleen te bid, was die dissipels by Hom, en Hy vra hulle en sê: Wie sê die skare is Ek? En hulle antwoord en sê: Johannes die Doper, en ander: Elía, en ander dat een van die ou profete opgestaan het. En Hy sê vir hulle:

---

[4] Ps. 109:4, 1Pet. 2:23.
[5] Luk. 6:12-16.
[6] Hand. 13:2-3, 14:23.

Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord en sê: Die Christus van God!... En omtrent agt dae ná hierdie woorde het Hy Petrus en Johannes en Jakobus saamgeneem en op die berg geklim om te bid. En terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy aangesig anders geword en sy klere skitterend wit." (Luk. 9:18, 20, 28-29).

Daar is duidelik 'n verband tussen gebed en ons vermoë om Jesus se heerlikheid in die evangelie te sien. Bid jy getrou hiervoor? Bid jy intens vir die prediking van God se Woord? Of wy jy vyf minute hieraan wanneer 'n paar van julle voor die diens saamkom om te bid? Sal die Here nie mense red as ons met groter erns hiervoor bid nie? En is jou eie bekering nie die gevolg van Jesus se gebede nie?[7] Bepaal gebed nie die redding van ons land en van komende geslagte nie? So sê die Here: "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo" (Joh. 17:20). "In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, dankseggings gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,

[7] Luk. 23:34, Joh. 17:15, 24, 26, Rom. 8:34, Heb. 7:25.

wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom." (1Tim. 2:1-4).

Sal die Here nie hierdie gebede beantwoord nie? Hy sal beslis, maar dan moet ons met alle erns bid en nie speel nie. Soos Jesus in die tuin van Getsemane,[8] moet ons met groot erns bid: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." (Jak. 5:16b).

Gebed is harde werk, maar wanneer die Here jou beloon, moet jy net nie vergeet om Hom daarvoor te dank nie! Jesus het nie: "In dieselfde uur het Jesus Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde..." (Luk. 10:21).

Volg sy voorbeeld en wees dankbaar: "En op sy reis na Jerusalem het Hy deur Samaría en Galiléa gegaan. En toe Hy in 'n sekere dorp ingaan, kom tien melaatse manne Hom tegemoet, wat op 'n afstand bly staan het. En hulle het hul stem verhef en gesê: Jesus, Meester, wees ons barmhartig! En toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: Gaan vertoon julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword. En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik. En hy het op sy aangesig neergeval by sy voete en Hom gedank. En hy was 'n

[8] Luk. 22:41-44, Heb. 5:7.

Samaritaan. Toe antwoord Jesus en sê: Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege? Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te verheerlik behalwe hierdie vreemdeling nie? En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou gered." (Luk. 17:11-19).

***

Ons teks sê Jesus het op 'n sekere plek gebid. Dalk was dit in die tuin van Getsemane op die Olyfberg, omdat Jesus gewoonlik daar gebid het.[9] Eintlik maak die spesifieke plek nie saak nie, maar dit is die les wat saakmaak. Wat is die les? Dit is goed om op 'n spesifieke plek te bid. As jy dit elke dag verander, sal die nuwe omgewing jou aandag aftrek, sodat jy sukkel om te bid. Om gereeld op dieselfde plek te bid, bring jou in die regte stemming (soos wanneer jy ontspanne voel, sodra jy op jou bed lê of op die stoep sit).

Ek bedoel nie die plek is alles nie. Jesus het op verskillende plekke gebid.[10] Almal van ons weet God is alomteenwoordig, daarom kan jy op enige plek bid. Dit was Jesus se punt aan die Samaritaanse vrou in Joh. 4:20-24: "Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is.

---

[9] Luk. 21:37, 22:39, Joh. 18:1-2.
[10] Luk. 5:16, 6:12, 9:28, Mark. 1:35.

Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, daar kom ’n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom ’n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.”

Ons hoef nie soos Moslems in ’n sekere rigting te kyk wanneer ons bid nie. As jy opreg en in geloof bid, is jou gebede vir die Here aanneemlik of jy nou in ’n kerkgebou, in jou slaapkamer, of bo-op ’n berg bid. God is nie tot ’n plek beperk nie.[11] Selfs al is jy in ’n vis se maag kan die Here jou nog steeds hoor.

Hoe moet jy bid? Volgens Luk. 11:1 wou Jesus se dissipels dit weet. Hulle kon uit Jesus se gebede hoor Hy bid anders as die Fariseërs. Sy gebede was eerbiedig, opreg en vrymoedig; dit het van ’n persoonlike en intieme verhouding met die Vader gespreek. Die dissipels wou so bid; ongelukkig wil baie predikante nie. As hulle wou, sou hulle dit in teologiese opleiding vereis het.

---

[11] Ps. 139:7-10, Jer. 23:23-24.

Hoeveel teologiese kolleges bied ’n kursus oor gebed aan? Hoeveel opleidingskole leer hulle studente om te bid? Ons neem aan hulle kan, maar as Jesus sy dissipels moes leer bid, wie is ons? Byna elke leraar weet hoe om ’n preek voor te berei, maar hoeveel leraars is kragtig in gebed? Is dit toevallig dat Hand. 6:4 gebed voor prediking noem: “maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord”? Is ons geestelike leiers so: manne van gebed? Hoeveel gemeentes het nog bidure en hoeveel mense woon dit by?

Predikante moet hulle gemeentes leer bid: eerstens deur hulle eie voorbeeld en daarna deur hulle lering. Hulle moet Jesus, Paulus, Dawid, Moses en ander geloofshelde se goeie voorbeeld vir die gemeente voorhou.

Om regtig te leer bid, moet elke gelowige ’n daadwerklike poging aanwend om met die Here te praat. Gebed saam met volwasse gelowiges sal ook help.

Dan is daar Jesus se lering. Toe die dissipels Hom vra: “Here, leer ons bid,” het Hy hulle die ONSE VADER geleer. Daar is nie ’n beter patroon as dit nie.

Wat leer hierdie gebed ons? Dit bestaan uit ses versoeke. Die eerste drie beskryf God se Naam, sy Koninkryk en sy wil. Die laaste drie

versoeke beskryf ons daaglikse brood, ons sonde en ons versoekings. Let wel: die volgorde is belangrik! Gebed gaan nie in die eerste plek oor ons belange nie, maar oor God se eer. Dit is maklik om net oor jou bekommernisse, jou probleme, jou begeertes, jou versoeke en jou familie te bid, terwyl jy van die Here vergeet. Dit is moeilik om God-gesentreerd te bid, maar as jy by Hom begin, lyk jou probleme klein en God groot!

Nadat jy by God begin het, kan jy die ONSE VADER as 'n riglyn volg. Let op dat ek dit 'n riglyn noem. Dit is nie genoeg dat jy die gebed elke dag opsê nie. Jesus het juis gesê ons moenie soos die heidene leë rympies gebruik wanneer ons bid nie.[12] Dieselfde geld vir die ONSE VADER. Gebruik hierdie gebed slegs as 'n patroon. Dit dek al die aspekte van gebed: lofprysing, toewyding, smeking, belydenis, voorbidding, selfondersoek, waaksaamheid. Die gebed dek ons geestelike-, sowel as fisiese nood. Dit lei ons om oor die verlede, hede en toekoms te bid. Dit is 'n wonderlike en allesomvattende gebed.

Dit is egter nie die belangrikste gebed nie. Voor jy God jou Vader noem, moet Jesus jou Verlosser wees. Jy moet besef dat jy verlore is en

[12] Matt. 6:7.

niks kan doen om God se guns te verdien nie. Moenie aanneem dinge tussen jou en die Here is reg, net omdat jy die ONSE VADER opsê, die Tien Gebooie ken, of gedoop is nie. Die vraag is of jy jou van jou sonde bekeer en op Jesus Christus vertrou. Rus jy in die volle wete van wie Hy is en wat Hy deur sy lewe en dood kom doen het? Buig jy jou in algehele toewyding en lojaliteit voor Hom neer? Erken jy Hom as jou Here en Koning?

Indien wel, is God jou Vader en kan jy Jesus se modelgebed met vrymoedigheid bid. Jy sal nie soos 'n Moslem bid om jou redding te probeer verdien nie, maar om God te geniet.

"Só moet julle dan bid:
Onse Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word".

(Matteus 6:9).

2
Hoe om reg te bid

Party mense sê daar is nie ’n regte of verkeerde manier van bid nie; solank jy opreg is. Natuurlik moet jy opreg wees, maar baie Moslems is ook opreg. Sal ons sê hulle bid reg? Volgens Jesus is daar ’n regte en verkeerde manier van bid. Soms bid ons elegant voor ander in die hoop hulle sal sê dit was aangrypend. Of ons bly stil, omdat ons nie so mooi soos ander kan bid nie. Ons vrees wat mense van ons gaan dink.

Matt. 6:5-6 sê: “En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het. Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat

in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde."

Die Hebreërskrywer sê: "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek." (Heb. 11:6).

Om God effektief te soek, moet jy stil raak. Baie mense verstaan wat ek sê verkeerd. Hulle dink om stil te raak beteken jy aanvaar sekere mistiese gebruike uit die Katolieke Kerk. Volgens hierdie mense moet jy 'n stil plek vind en 'n heilige woord soos *Jesus*, *genade*, *liefde*, of *vrede* kies. Maak jou oë toe en vervang jou probleme met die heilige woord. Herhaal die woord saggies, totdat dit elke ander gedagte uitskuif. Sit stil met toe oë en staan weer na 'n paar minute op.

Dit klink na Buddhisme eerder as na Bybelse Christenskap. Dit is glad nie wat ek bedoel as ek sê jy moet stil raak nie. Ek bedoel jy moet dink tot Wie jy nader voor jy net wegtrek en bid. Hy is die Heilige, daarom moet jy voor Hom stil wees: "Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word" (Matt. 6:9). "Maar die Here is in sy heilige tempel—swyg voor Hom, o ganse aarde!" (Hab. 2:20).

Dink daaraan dat Hy jou Vader en die verhewe Koning van die hemel is. Hy is nie 'n

afgod wie se aandag jy met baie woorde moet trek nie.[13] Jy kan Hom nie manipuleer, omdat jy deurnag bid of vir 30 dae vas nie. Die gebede van 'n paar honderd Christene is nie meer effektief as die gebed van een man of vrou nie. Dit gaan glad nie oor hoeveel woorde jy sê of oor hoeveel mense bid nie. Jesus sê: "En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra." (Mat. 6:7-8).

As jy opreg en met geloof bid, is 'n gebed van tien sinne so aanneemlik soos 'n nag van gebed. Die ONSE VADER is 'n kort gebed. Paulus se gebede was ook kort. By tye het Jesus (en Paulus) vir ure gebid. Dit gaan nie oor hoe lank jy bid nie, maar oor jou hart: is jou hart reg? Dit geld nie net vir private gebed nie, maar ook as jy voor ander bid—dit is as julle kerk nog 'n biduur het (ek bedoel nie 'n Bybelstudie waar iemand met gebed afsluit nie, maar 'n regte biduur). Woon jy die biduur by? Jesus wil hê jy moet; daarom leer Hy sy dissipels: "*Onse* Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word... gee *ons* vandag *ons* daaglikse brood; en vergeef *ons*

[13] Matt. 6:7, 1Kon. 18:26-29, Pred. 5:1.

ons skulde, soos *ons* ook *ons* skuldenaars vergewe; en lei *ons* nie in versoeking nie, maar verlos *ons* van die Bose." (Matt. 6:9, 11-13, eie beklemtoning).

In die vroeë kerk het hulle saam gebid.[14] Paulus se opdragte om te bid is nie net aan individue gegee nie, maar aan gemeentes.[15] As jy nie by jou gemeente se biduur inskakel nie, wil ek jou aanspoor om dit te doen. Is daar nie 'n biduur nie? Begin een. Vra 'n paar gelowiges om saam met jou te bid vir herlewing, Sondag se prediking, evangelisasie, sending, bekerings, geestelike groei. As niemand opdaag nie, bid op jou eie en vra die Here om mense te stuur. Waar 'n gemeente gelowig met die regte gesindheid bid, sal die Here hulle hoor.[16] Laat ons ons biddeloosheid bely en die Here weer as 'n gemeente soek. Soek Hom as jou Vader. Hy is nie almal se Vader nie, maar die Vader van hulle wat Hy deur Jesus Christus as kinders aanneem:

> "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat

---

[14] Hand. 1:14, 2:42, 4:24-31, 6:6, 12:5, 13:3, 14:23, 20:36, 21:5.
[15] Rom. 12:12, 15:30, 2Kor. 1:11, Ef. 6:18-19, Kol. 4:3, 1Tess. 5:17, 25, 2Tess. 3:1, 1Tim. 2:1.
[16] Matt. 7:7-11.

nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ’n man nie, maar uit God gebore is.” (Joh. 1:12-13).

“Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ’n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.” (Gal. 4:5-7).

“Kyk wat ’n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.” (1Joh. 3:1).

Paulus sê dat “Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil” (Ef. 1:5).

Prakties beteken dit jy kan nie saam met mense van ander gelowe bid, asof ons een dieselfde Vader het nie! Alleenlik deur die Here Jesus Christus is God ons Vader.[17] Die Bybel beskryf die Vader se Persoon, wese en karakter as volg:

> "Maar nou, Here, U is ons *Vader*; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand." (Jes. 64:8).
>
> "'n *Vader* van die wese en 'n regter van die weduwees is God in sy heilige woning." (Ps. 68:6).
>
> "Soos 'n *vader* hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees." (Ps. 103:13).
>
> "Moet dan nie soos hulle word nie, want jul *Vader* weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra... Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse *Vader* hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?... julle hemelse *Vader* weet dat julle al hierdie dinge nodig het." (Matt. 6:8, 26, 32).

---

[17] Joh. 14:6, Hand. 4:12, 1Joh. 2:23.

“En Jesus sê: *Vader*, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” (Luk. 23:34).

“hoeveel te meer sal die hemelse *Vader* die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?... hoeveel te meer sal julle *Vader* wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!... Elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die *Vader* van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.” (Luk. 11:13, Matt. 7:11, Jak. 1:17).

Jesus wil hê ons moet goeie vrugte dra, “sodat wat julle die *Vader* ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.” (Joh. 15:16).

“As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my *Vader* wat in die hemele is.” (Matt. 18:19).

“Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle *Vader* het ’n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.” (Luk. 12:32).

“Geseënd is die God en *Vader* van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus” (Ef. 1:3).

“Wees dan barmhartig, soos julle *Vader* ook barmhartig is.” (Luk. 6:36).

“Genade vir julle en vrede van God onse *Vader* en die Here Jesus Christus!” (Rom. 1:7).

“Geseënd is die God en *Vader* van onse Here Jesus Christus, die *Vader* van ontferminge en die God van alle vertroosting” (2Kor. 1:3).

“En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en *Vader*, wat ons liefgehad het en ’n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het, julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!” (2Tess. 2:16-17).

“En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my *Vader* gee julle die ware brood uit die hemel.” (Joh. 6:32).

“My *Vader* wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my *Vader* ruk nie.” (Joh. 10:29).

“In die huis van my *Vader* is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.” (Joh. 14:2).

“Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my *Vader* liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar... As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my *Vader* sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak... die *Vader* self het julle lief” (Joh. 14:21, 23, 16:27).

“Heilige *Vader*, bewaar in u Naam die wat U My gegee het” (Joh. 17:11).

“Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang ’n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, *Vader*! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders

van God is" (Rom. 8:14-16).

"en Ek sal vir julle 'n *Vader* wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige." (2Kor. 6:18).

"En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie. Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die *Vader* van die geeste onderworpe wees en lewe nie? Want húlle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle

vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is." (Heb. 12:5-11).

"Geseënd is die God en *Vader* van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode" (1Pet. 1:3).

"wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die *Vader* en met sy Seun, Jesus Christus." (1Joh. 1:3).

Ter opsomming kan ons sê God die Vader het ons gemaak, Hy ontferm Hom oor ons, sorg vir ons, vergewe ons, gee ons sy Gees en saam met Hom alles wat goed is. Hy verhoor ons gebede, seën ons, gee ons sy koninkryk, troos ons, bewys ons barmhartigheid, skenk ons sy genade en vrede. Hy gee ons die Brood van die Lewe, hou ons in sy hand, maak sy huis vir ons oop, het ons lief en woon in ons. Hy is heilig, bewaar ons teen die Bose, maak ons sy kinders, dissiplineer ons uit liefde, gee ons nuwe lewe, het 'n verhouding met ons.

As ’n Vader openbaar God Homself deur sy Seun. Wie Jesus sien, het die Vader gesien.[18] Bid vrymoedig tot Hom. Hy is nie sleg soos party pa’s nie, dus is dit ondenkbaar dat jy Hom soos party mense jou hemelse moeder noem![19] Jy kan Hom ten volle vertrou, want Hy is die volmaakte Vader.[20]

Ek het dit op ’n besondere wyse ervaar. Ek het gewonder hoekom Jesus ons leer om tot die Vader te bid. Hy kon gesê het: “Ons God, Koning, Here, Skepper, Verlosser, Meester wat in die hemel is.” Hoekom het Hy gesê: “Ons Vader”?

’n Vader gee lewe. Van ewigheid af gee God die Vader lewe aan die Seun en deur die Seun aan ons.[21] God was ’n Vader nog voor Hy ’n Skepper was: ek is nie bloot sy skepsel, ek is sy kind.

’n Vader gee liefde. Elke goeie gawe in dié lewe en die volgende—veral die onuitspreeklike

---

[18] Joh. 1:18, 10:30, 14:9, Kol. 1:15, Heb. 1:3.

[19] As ’n Gees is God nie manlik of vroulik nie (Joh. 4:24). Tog openbaar Hy Homself as ’n Vader en Jesus as sy Seun (Matt. 6:9, 3:17). Ons moet by die Bybel aanpas en dit nie by ons omstandighede wil aanpas nie.

[20] Matt. 5:48.

[21] Joh. 5:26, 6:57.

gawe van Jesus Christus—kom uit die hand van ’n liefdevolle Vader.[22]

In hierdie lig het ek die ses versoeke van die ONSE VADER beskou:

“laat u Naam geheilig word”
Ek moet God as my Vader ken, liefhê en aanbid. Ek moet die selfopenbaring van sy Naam in die Here Jesus Christus bewonder.

“laat u koninkryk kom”
My Vader is die Koning. As ek dit onthou, het ek vrymoedigheid voor mense en is ek vol ontsag vir my Vader in die hemel.

“laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde”
Ek gehoorsaam Hom nie uit ’n slaafse vrees nie, maar uit liefde, soos ’n kind ’n liefdevolle ouer gehoorsaam.

“gee ons vandag ons daaglikse brood”
Ek smeek nie ’n diktator nie, maar lê my nood voor my hemelse Vader. Hy weet wat ek nodig het en sal gee wat ek vra.[23]

---

[22] Joh. 3:16, Jak. 1:17.
[23] Matt. 6:8, 7:7-11.

"en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe"
Nie alleen sondig ek teen my Skepper en Koning nie, maar teen my hemelse Vader. Dit bedroef sy hart. Ek kan dit nie verduur dat sonde ons verhouding versteur nie, daarom vra ek vergifnis.

"en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose."
'n Sterk en goeie pa sal sy kinders beskerm. Net so sal my hemelse Vader my van die bose bewaar.

Om so oor God te dink, verander alles. Dit beteken egter nie jy mag nooit tot Jesus of die Heilige Gees bid nie. Ja, gewoonlik bid ons tot die Vader, deur die Seun wat vir ons gesterf het, in die Gees wat ons lei: "deur [Christus] het ons albei [Jode en heidene] die toegang deur een Gees tot die Vader." (Ef. 2:18).

Tog bid gelowiges somtyds tot Jesus en die Heilige Gees.[24] Hoe kan dit verkeerd wees om so te bid as die Vader, die Seun en die Heilige Gees een is? Laat ons dit dan met respek doen, want ons praat met die Here van hemel en aarde.

---

[24] Matt. 9:38, Hand. 1:24, 7:59, 9:13, 17, 1Kor. 16:22, 2Kor. 12:8, Op. 22:20.

Mense vergeet dit. By ’n jeugbyeenkoms het die leier sy gebed as volg begin: “Yes, Dad!” Party bejaarde mense praat van God as die ou Man daarbo. Hulle verstaan nie die verskil tussen vrymoedigheid en respek nie. Respekteer God as jou Vader: “’n Seun eer die vader, en ’n kneg sy heer. As Ek dan ’n Vader is, waar is my eer? En as Ek ’n Heer is, waar is die vrees vir My” (Mal. 1:6).

Onthou, God is jou Vader *in die hemel*.[25] Ek sê nie Hy is tot die hemel beperk nie,[26] maar Hy is die verhewe Koning van die hemel: “Die Here het sy troon in die hemel gevestig, en sy koninkryk heers oor alles.” (Ps. 103:19). Dit is meer as ’n teologiese waarheid en verander hoe jy bid tot “Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink” (Ef. 3:20).

Voor jy vir jou eie sake bid, moet jy bid dat sy Naam geheilig word. Wat beteken dit? Die Jode het geglo God se Naam is te heilig om uit te spreek. Daarom praat Lev. 24:11 eenvoudig van *die Naam*. God se Naam staan vir die openbaring van wie en wat Hy is soos opgesom in die Persoon van Jesus Christus: “Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het.” (Joh. 17:6).

---

[25] Matt. 6:9.
[26] 1Kon. 8:27.

Om te bid dat God sy Naam heilig, beteken jy bid om Hom as die Heilige te ken.[27] As Hy jou gebed antwoord, sal jy nooit weer dieselfde wees nie. Jy sal weet Hy is uniek, anders as enigiets of -iemand in die heelal, bo alles en almal verhewe. Jy sal weet Hy is afgesonder van sonde, daarom sal jy jouself nie bewonder nie, maar jou voor sy grootheid neerbuig en sidder. Jy sal so lewe dat mense sy Naam eerbiedig en dit nie deur die modder sleep nie.[28] Nooit weer sal jy sy Naam as 'n stopwoord gebruik, of stories goedkeur wat dit doen nie: "Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie." (Eks. 20:7).

Jy sal sy Naam nie as 'n niksseggende herhaling in jou gebede gebruik nie: "Vader, help ons om U te eer, Vader; Vader, gee wat ons nodig het, Vader; Vader, vergewe asseblief ons sonde, Vader..."

Jesus sê: "En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word." (Matt. 6:7).

---

[27] 1Pet. 3:15.

[28] Eseg. 36:20, 22-23, Matt. 5:16, Rom. 2:24, Tit. 1:16, 1Pet. 1:15-16.

Om God se Naam te heilig beteken jy maak nie goedkoop beloftes in sy Naam nie: "En julle mag nie vals sweer by my Naam en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die Here." (Lev. 19:12). "As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie." (Pred. 5:3-4). Dit geld onder andere vir die huwelik waar jy voor God en getuies sweer om aan jou eggenoot getrou te wees. Wie hierdie belofte breek, ontheilig die Here se Naam.[29]

God se Naam is heilig. Ps. 138:2 sê: "...U het u Naam en u woord bo alles gestel." (Nuwe Vertaling). Bid met eerbied tot Hom. Jy kan dit nie kunsmatig opwek soos die seuntjie wat soos die ou mense probeer bid het nie: 'Oooooo, Here!' Dit moet uit jou uit hart kom!

[29] Spr. 2:17, Mal. 2:14.

“laat u koninkryk kom”.

ꕥ

(Matteus 6:10a).

3
Prioriteite in gebed

Baie Christene dink nie verder as hulle eie behoeftes wanneer hulle bid nie. Hulle bid selde of ooit vir die koms van God se koninkryk. Hulle weet nie wat dit beteken nie. Hoe moet ons dan Jesus se lering verstaan en hoe moet ons dit toepas?

God se koninkryk kom deur die prediking van sy Woord. Jesus sê ons moet hiervoor bid, nogtans bevat die meeste boeke oor prediking min tot geen lering oor gebed. Dit spreek boekdele oor wat hulle aangaande prediking glo. Volgens hulle sal die Here outomaties in mense se harte werk as ons net die Woord verkondig.

Is dit waar? Glad nie. Met verwysing na die Jode sê Paulus: "tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart" (2Kor. 3:15). God alleen kan tot mense se harte deurdring: "die *Here* het haar hart geopen om ag

te gee op wat deur Paulus gesê is." (Hand. 16:14, eie beklemtoning). Ons moet die Here vra om dit te doen: "laat u koninkryk kom".

Bid jy so? Bid jou gemeente so? Bid julle vir die prediking van God se Woord in die kansel en deur persoonlike evangelisasie? Die vroeë kerk het dit gedoen: "En nou, Here...gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek" (Hand. 4:29).

Vra jy die Here om sendelinge uit te stuur? Bid jy vir die onbereikte volke? Sonder prediking is gebed soos 'n jagter wat sy geweer laai en nie die sneller trek nie. Sonder gebed is prediking soos 'n jagter wat die sneller trek sonder dat daar 'n patroon in die geweer is. God se koninkryk kom nie sonder gebed *en* prediking nie. As ons nalaat om te bid, sal die Here ons verbygaan, iemand anders opwek om te bid en hulle seën. God sal nie aan die kortste end trek nie; ons sal.

Laat ons die evangelie biddend met verlore mense deel. Dit is hoe God sy koninkryk uitbrei. Dit kom geensins deur politieke aksies nie, daarom was die Middeleeuse Kruistogte 'n reuse mislukking. Dit het niks gedoen om die Moslems tot Jesus te bekeer nie. Onnodige bloed is gestort toe die Katolieke Kerk en Islam oor Jerusalem

baklei het.[30] Die hele stryd was doelloos en het niks vir die koninkryk beteken nie. Jesus sê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie." (Joh. 18:36).

Vandag nog wil gemeentes die koninkryk deur politieke aksies vestig. Hulle dink: "As ons die regte party instem, sal die Bybel en gebed na ons skole en die parlement toe terugkeer. Hulle sal die doodstraf wettig verklaar, misdaad bekamp, gay huwelike verban, die dwelmhandel en aborsie hok slaan. Soos in die ou dae sal Christene spesiale voorregte geniet."

Mense wat so dink, onderteken petisies teen die regering eerder as om vir hulle te bid en die evangelie te deel.[31] Of hulle probeer 'n voet in die deur kry om deur die parlement die land te verander.

Ander wil die koninkryk deur sosiale aksie bevorder. Hulle gaan Malawi toe om boorgate te sink en noem dit 'n "sendinguitreik". Of hulle hou 'n optog teen aborsie en dink dat hulle Jesus se sendingopdrag uitvoer: "Gaan dan heen, maak

---

[30] N.R. Needham, *2000 Years of Christ's Power: Volume 2* (London: Grace Publications Trust, 2000), 184-215.
[31] 1Tim. 2:1-7.

dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matt. 28:19).

Sosiale aksie is nie onbelangrik nie,[32] maar dit red nie mense se siele nie. Niemand word deel van die koninkryk, omdat hy sy standpunt oor aborsie verander het, of omdat hy lopende water het nie. God laat sy koninkryk kom deur die Woord en gebed.[33] Wie dit verstaan, wil nie net die regering, die media, sport en vermaak, die sakesektor of die Departement van Onderwys verchristelik nie. Ons wil hê mense se harte moet verander. Daarom bid ons en deel ons die evangelie, sodat God se koninkryk kan kom. As die Here ons gebede verhoor, sal mense gered word en die samelewing vanself verander. Jesus het so gesê:

"Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder

---

[32] Spr. 24:11-12, 31:8-9.

[33] Matt. 4:23, 6:10a, 9:35, 24:14, Hand. 8:12, 13:3, 28:23, 31, Ef. 6:19-20, Kol. 4:3-4, 1Tess. 5:25, 2Tess. 3:1.

die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." (Matt. 5:13-16).

Waar gelowiges die wêreld op 'n groot skaal beïnvloed en verander, is dit 'n herlewing. 'n Herlewing is dus iets waardeur God die koms en verspreiding van sy koninkryk versnel. Nie alleen red Hy individue nie, maar hele dorpe, provinsies en nasies.

Hoe gebeur dit? Herlewing is die soewereine werk van God. Die Heilige Gees besluit hoe, waar en wanneer daar 'n herlewing plaasvind: "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." (Joh. 3:8). Dit gebeur nie net sommerso nie, maar kom in antwoord op gebed: "laat u koninkryk kom".

So het dit in September 1857 in New York gebeur. Jeremiah Lanphier het mense genooi om saam te bid vir herlewing. By die eerste biduur was daar ses mense teenwoordig. Teen Maart van die volgende jaar het der duisende mense daagliks op verskeie plekke in die stad saam

gebid. Die Here het hulle gebede verhoor en die VSA met 'n herlewing besoek.[34]

Wil jy dit nie 'n prioriteit maak om hiervoor te bid nie? Bid dat Jesus ons met sy Gees vervul en 'n nuwe werk onder ons kom doen. Bid dat Hy ons land en samelewing sal omkeer. Dalk dink jy ons land is te ver heen, maar waar is jou geloof? Is iets vir die Here onmoontlik?[35] Is sy arm te kort om te help?[36]

Sowat 300 jaar gelede was Engeland in dronkenskap, losbandigheid, misdaad, korrupsie gedompel. Die regering het alles probeer om die situasie te verander, maar het hopeloos misluk. Hulle het vir mense maniere probeer leer en die doodstraf op 126 verskillende misdade toegepas, nogtans het dinge drasties vererger. Toe dit lyk of daar geen hoop is nie, het die Here vir George Whitefield opgewek.

Whitefield was 'n dinamiese jong prediker in sy vroeë twintigs. Hy het God se Woord Met groot krag aan tienduisende mense in die opelug verkondig. Sodoende het 'n magtige herlewing in Brittanje en Noord-Amerika begin.[37]

---

[34] Iain Murray, *Revival & Revivalism* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1994), 342-3.
[35] Gen. 18:14, Jer. 32:17, 27, Luk. 1:37, 18:27, Ef. 3:20.
[36] Num. 11:23.
[37] Arnold Dallimore, *George Whitefield: 2 Vols.* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1970, 1980).

Kan die Here dit weer doen? Natuurlik kan Hy. Die vraag is: glo ons Hom? Sal ons vir herlewing bid en die evangelie met verlorenes deel? Of sal ons saam met die media, ons kollegas en die res van die wêreld kerm en kla, angstig wees en in politieke vegterye betrokke raak? Hopelik nie!

Jesus wil hê ons moet bid dat sy koninkryk kom. Bid vir Bybelse prediking, sendelinge en bekerings. Bid vir herlewing. Laat ons bowenal vir die wederkoms bid. Hoe jy dit volgens die Bybel verstaan, sal grotendeels bepaal hoe jy daarvoor bid.

'n Gesprek met een van my vriende wys wat ek bedoel. Hy wou die verskil tussen my en sy eindtydsiening verduidelik:

> "Jy glo die koninkryk het by Jesus se eerste koms begin, dat dit deur die geskiedenis groei en by die wederkoms vervul word. Ek glo dit begin by die wederkoms, duur vir 'n duisend jaar en word na die finale oordeel op die nuwe aarde ten volle vervul. Jy glo die kerk laat die koninkryk kom; ek glo Jesus laat die koninkryk kom."

Ek glo inderdaad die koninkryk het by Jesus se eerste koms begin.[38] By sy hemelvaart het Jesus as Koning aan God se regterhand gaan sit en die titel-akte van die koninkryk ontvang.[39] Deur die kerk se gebede, die evangelie en herlewing sal Jesus sy koninkryk uitbrei, totdat dit die aarde vul, die nasies Hom aanbid en sy koninkryk alleen bestaan.[40]

Probeer ek sê die kerk, nie Jesus nie, laat die koninkryk kom? Glad nie. Ons vra die *Here* om sy kerk te bou en sy ryk te laat kom. Soos my vriend glo ek *Jesus* laat sy koninkryk kom, maar anders as hy glo ek dit gebeur reeds. Ons verwag nog die volheid by Jesus se wederkoms as Hy die duiwel en mense se koninkryke tot niet maak, sodat "in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader." (Fil. 2:10-11).

Maak dit jou gebed: "Laat u koninkryk kom... Maranata!" (Matt. 6:10a, 1Kor. 16:22).

---

[38] Matt. 4:17, 10:7, 12:28, Luk. 10:9, 11, 17:21.
[39] Ps. 2:8, 24:7-10, 110:1, Dan. 7:13-14, Matt. 28:18, Ef. 1:20-22, Heb. 1:3, 1Pet. 3:22.
[40] Ps. 22:27-28, 67:1-8, 72:8-11, 17-19, 86:9, Jes. 9:6, 11:9, Dan. 2:35, Matt. 13:31-33, 1Kor. 15:24-25.

Moenie so in die wêreld se plesiere, probleme en sonde verstrengel raak dat jy vergeet om vir die wederkoms te bid nie. Moenie soos baie Christene sê: "Ek wil hê Jesus moet weer kom, maar ek wil eers verjaar, trou, kinders hê, geld maak, vakansie hou, aftree, oorsee gaan." Dis soos om te sê: "Wie wil hemel toe gaan as jy in Hermanus kan bly?" Wat is Hermanus in vergelyking met die hemel? En wat is tydelike plesiere op aarde in vergelyking met "nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon." (2Pet. 3:13)?

Ons verwag 'n wêreld sonder hartseer, sonde, siekte, pyn of dood; 'n wêreld vol liefde en vrede in die glinsteryke teenwoordigheid van die Drie-Enige God van die Bybel.[41] Dit is oneindig keer beter as 'n sinnelose bestaan in hierdie wêreld vol hartseer, sonde en dood.

Buite God se koninkryk sal jy nooit gelukkig wees nie. Jesus sê: "soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." (Matt. 6:33).

Volg David Brainerd se voorbeeld. Brainerd het die evangelie aan 'n Indiaanstam in Noord-Amerika verkondig. Een week voor sy dood in 1747 het hy gebid:

---

[41] Op. 21:1-7.

"Oh that his kingdom might come in the world; that they might all love and glorify Him, for what He is in Himself... Oh come, Lord Jesus, come quickly! Amen."[42]

[42] Jonathan Edwards, *Works: Vol. 2* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1974 [1834]), 385.

“laat u wil geskied,
soos in die hemel
net so ook op die aarde”.

ꕥ

(Matteus 6:10b).

4
Die doel van gebed

Vir die *Prosperity Gospel* is gebed 'n manier om God se arm te draai: ons kan Hom manipuleer om te doen wat *ons* wil.

My besluite.
My keuses.
My wil.

Dit is byna of jy deur gebed jou geldjie in die muntmasjien gooi om te kry wat jy wil hê.

Of ons sê: "Die Here gaan buitendien doen wat Hy wil; wat help dit ek bid?"

Dit wys hoe verkeerd ons oor gebed dink. Die doel van gebed is nie om te maak dat God sy wil by ons s'n aanpas nie, maar om ons wil te laat strook met syne: "laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde". "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar

soos U wil... laat u wil geskied." (Matt. 26:39, 42).

Wie van ons bid so; ek bedoel, uit ons harte uit? Van die sondeval af wil die mens sy eie wil doen. Van kleins af is kinders selfsugtig en gaan tekere as hulle nie hulle sin kry nie. Volwassenes doen dit ook. As iemand hulle wil kruis, raak hulle kwaad, vloek, skel, huil, slaan, kry stilstuipe, voel bitter of jaloers, pleeg moord, ignoreer mekaar, beledig God se Naam, praat oneerbiedig met hulle ouers. Om hulle sin te kry, slaap hulle rond, kyk pornografie, lieg, steel, maak 'n afgod van geld en ontheilig God se dag. Alles draai om hulle eie wil.

Jesus wil hê jy moet God se wil soek. Doen dit en bid daarvolgens. Dit beteken nie jy vra watter model kar jy moet ry of waar jy moet aftree nie. Jy kan daarvoor bid, maar dit is nie wat Jesus bedoel nie. God gaan sy soewereine wil uitwerk of jy nou daarvoor bid of nie.[43] Wat Jesus in die ONSE VADER bedoel, is dat jy volgens God se voorgeskrewe wil in die Bybel bid en dit uitvoer. Sy wil is eerstens dat jy jou bekeer en in sy Seun glo:

"En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê" (Joh. 6:40). "En dit

[43] Jes. 14:24, 27, 46:9-10, Ef. 1:11, Jak. 4:13-15.

is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo" (1Joh. 3:23).

Daarna wil Hy hê jy moet heilig lewe, in alles dankbaar wees, in die geloof volhard, bereid wees om jou lewe vir Hom te gee, en Hom meer as die wêreld liefhê. Jy kan sy wil as volg bid (eie beklemtoning):

> "Want dit is *die wil van God*: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery" (1Tess. 4:3).
>
> *Gebed: Here, mag ek in my gedagtes, woorde en optrede rein wees.*

> "Wees in alles dankbaar, want dit is *die wil van God* in Christus Jesus oor julle." (1Tess. 5:18).
>
> *Gebed: Here, laat ek nie so in my eie probleme vaskyk dat ek U goedheid mis nie.*

> "Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle *die wil van God* gedoen het, die belofte te verkry." (Heb. 10:36).
>
> *Gebed: Here, help my om tot die einde toe te volhard.*

> "Want so is dit *die wil van God* dat julle deur goed te doen die onkunde van die

dwase mense tot swye sal bring" (1Pet. 2:15).

Gebed: Here, mag ek so lewe dat die ongelowiges om my skaam kry as hulle sleg praat van my, omdat hulle weet hulle lieg.

"So laat dan ook die wat volgens *die wil van God* ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade." (1Pet. 4:19).

Gebed: Here, laat ek Jesus liewer hê as my eie lewe, sodat ek bereid is om vir Hom te ly.

"En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat *die wil van God* doen, bly vir ewig." (1Joh. 2:17).

Gebed: Here, beskerm my teen die wêreld se versoekings, sodat ek U wil kan doen.

Kan jy sien dat jy God se wil moet ken voordat jy dit kan bid? Lees jou Bybel en leer dit saam met ander. Bid wat jy leer, dan sal die Here jou gebede antwoord: "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil." (1Joh. 5:14).

Johannes veronderstel dat jy God se wil doen voordat jy daarvolgens bid, daarom sê hy: "en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom." (1Joh. 3:22).

Baie kerkmense lyk soos Christene, maar lewe nie so nie. Hulle ken God se wil, maar doen dit nie. Hulle is soos John se tekkies. John het al baie keer die Comrades gehardloop. Eendag toe koop hy goeie 'n paar skoene by die vlooimark. Dit was goedkoper as in die winkel. Toe dit gou skeur, toe weet hy dis 'n Chinese namaaksel.

Is jy die ware Jakob wat God se wil doen, of ken jy net sy wil sonder dat jy dit uitvoer? Dan is jy die duiwel se namaaksel soos twee mans wat nie wou luister toe hulle leraars hulle uit die Bybel teregwys nie. Albei het gesê: "Ek hoor wat jy sê, maar ek gaan dit nie doen nie; ek het nie so groot geword nie."

Ware gelowiges ken nie net God se wil nie; hulle doen dit en neem Ef. 5:17 baie ernstig op: "Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is." Mense wat God se wil doen, bid dit nie net vir hulleself nie, maar vir die wêreld: "laat u wil geskied, soos in die hemel net *so ook op die aarde*". Hulle doen God se wil soos die engele in die hemel dit doen. Die engele is "kragtige helde

wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!...sy dienaars wat sy welbehae doen!" (Ps. 103:20-21). Hulle doen God se wil dadelik, volkome, volhardend en blymoedig.

Deur sy lewe op aarde wys Jesus tasbaar hoe ons God se wil op die aarde doen soos in die hemel.[44] Volg in sy voetspore: "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het." (1Joh. 2:6).

Bid om die Vader se wil te doen soos Jesus dit gedoen het. Bid dit vir jouself en vir Suid-Afrika. Bid vir 'n land waar niemand jou handsak deur jou kar se venster sal steel nie; 'n land waar mense eerlik is en hard werk. Bid vir 'n samelewing wat God se instelling van die huwelik eerbiedig; waar kinders volwassenes respekteer; waar ongebore babas veilig is; waar mense nie verslaaf hoef te wees om goed te voel nie.

Ek sê nie jy moet vir 'n morele samelewing bid nie. Wat help dit mense is moreel en gaan hel toe (nie dat ware moraliteit sonder die evangelie moontlik is nie)? Ek bedoel ons moet bid dat die koninkryk deur die evangelie versprei, sodat mense hulle bekeer en God se wil doen: "laat u koninkryk kom; laat u wil geskied..."

---

[44] Joh. 4:34, 5:30, 6:38, Fil. 2:8, Ps. 40:9, Heb. 10:7.

'n Paar eeue gelede het dit in Kentucky gebeur: God het 'n herlewing gestuur en die hele samelewing verander. Dronkaards het hulle drank gelos en tot die Here gesing. Vuil taal is met vurige gebede vervang. Mense wat voorheen baklei het, het in vredeliewende mense verander. Leuenaars het God begin vrees en die waarheid gepraat. Gesinne wat voorheen wanordelik was en in sonde geleef het, het nou reg gelewe en huisgodsdiens gehou.[45]

Ongelukkig het die herlewing oorgewaai. Opkomende geslagte het weer in sonde verval.

Geen herlewing is volmaak nie. Om God se wil volmaak te doen, moet die hemel na ons toe neerdaal.[46] Dit gebeur eers as Jesus weer kom: "Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon." (2Pet. 3:13). Dan sal ons gebed volmaak beantwoord wees: "laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde".

---

[45] Iain Murray, *Revival & Revivalism* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1994), 158.
[46] Op. 21:2.

“gee ons vandag
ons daaglikse brood”.

(Matteus 6:11).

5
Hoe om oor geld te bid

Baie mense ken die Here net wanneer hulle geld nodig het. Hulle beskou Hom as ’n kosmiese munt- of dobbelmasjien.

Party ryk mense bid glad nie oor geld nie. Hulle vergeet dat hulle rykdom van die Here af kom, “dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe” (Deut. 8:18).

Jesus leer ons om Bybels oor geld te bid. In ’n sekere sin is Matt. 6:11 die Nuwe Testament se eweknie van Spr. 30:7-9: “Twee dinge vra ek van U; onthou dit nie aan my voordat ek sterf nie: Hou valsheid en leuentaal ver van my af; gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die Here? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie.”

Om vir ons daaglikse brood te bid, leer ons dat ons van die Here afhanklik is. Dit is soos toe my broer vir SASOL gewerk het. Hulle het hom en sy vrou Amerika toe gestuur vir opleiding, en hulle paspoorte, visums, vliegtuigkaartjies, etes, verblyf, alles betaal. My broer-hulle was sonder sorge. Hulle moes eenvoudig SASOL se bevele uitvoer.

Net so het God jou op aarde gelos om sy wil te doen. Jy hoef nie te wonder hoe nie. Hy sal jou krag gee om dit reg te kry: "gee ons vandag ons daaglikse brood... Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." (Matt. 6:11, 33).

Hoe voorsien Hy jou daaglikse brood? Jy moet daarvoor bid. Ek sê nie jy moet bid en wag tot die Here kos stuur nie (hoewel Hy dit maklik kan doen).[47] Ek bedoel jy moenie op jou eie vermoëns staatmaak nie. Moenie dink jy is selfstandig en het die Here nie nodig nie. Erken Hom en vra dat Hy jou behoeftes sal voorsien. Die normale manier waarop Hy dit doen, is deur werk. Jy kan nie vir jou daaglikse brood bid as jy lui is, steel, slegte skuld maak of dobbel om geld te kry nie. Wie geld op verkeerde maniere wil

[47] 1Kon. 17:1-16.

bekom, vertrou God nie en beskou Hom nie as ’n Vader wat in ons behoeftes voorsien nie.

Wil jy die Here vertrou? Bid vir jou eie en ander se behoeftes: “gee *ons* vandag *ons* daaglikse brood”. Bid jy so vir arm Christene rondom jou en in die vervolgde kerk? Deel jy met hulle? Die Here wil hê jy moet.[48] Om net te bid, maar niks te gee nie is skynheilig: “As daar nou ’n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit?” (Jak. 2:15-16).

Tog moet jy nie onwys met God se geld te werk gaan nie. Dit help nie jy gee vir die kerk of ’n bedelaar by die robot as jou eie gesin swaarkry nie. Help eers die mense naaste aan jou. Anders is jy soos die Fariseërs. “Maar julle sê: Elkeen wat aan vader of moeder sê: enige voordeel wat u van my sou kan geniet, is ’n offergawe—dié hoef sy vader of sy moeder glad nie te eer nie. So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering.” (Matt. 15:5-6). Jy is slegter as ’n ongelowige: “Maar iemand wat vir sy eie mense,

---

[48] Hand. 2:44-45, 4:34-37, 2Kor. 8:14-15, 9:8-11, Ef. 4:28, 1Tim. 6:17-19, Heb. 13:16, 1Joh. 3:17-18.

en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige." (1Tim. 5:8).

Na jy jou gesin versorg het, kan en moet jy jou geestelike familie help: "...*ons* daaglikse brood".

Christene geniet voorkeur bo ongelowiges: "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof." (Gal. 6:10).

Onthou: "Charity begins at home."

Ondersteun jou predikant en dra by vir arm Christene en sendelinge.[49] Vertrou die geestelike leiers om die fondse reg te bestuur. As hulle aan die Bybel se vereistes voldoen, sal hulle die geld nie wanbestee nie, maar dit reg uitdeel.[50] Hulle sal byvoorbeeld weet hulle moenie 'n lui Christen ondersteun nie: "as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie." (2Tess. 3:10). Wie vir 'n lui man bydra, sterk hom in sy kwaad. So iemand steel by die wat dit regtig benodig. Jy moet 'n lui mens nie vis gee nie, maar hom leer om self vis te vang. Help hom om werk te kry. As hy nie gehelp wil word nie, moet jy hom vermy, sodat hy kan leer om sy daaglikse brood

[49] 1Tim. 5:17-18, Hand. 6:1-7, 1Joh. 3:16-18, Fil. 4:14-19.
[50] 1Tim. 3:3, 8, 2Kor. 8:20-21.

te verdien.[51] Dan eers kan hy die Here daarvoor vra.

Vir die Here is dit geen moeite om vir al sy kinders te voorsien nie. As Hy ’n paar miljoen Jode veertig jaar lank van manna kon voorsien, kan Hy jou met R100 of R100 000 help. Hy het dit vir ’n gemeente in Johannesburg gedoen. Hulle wou Bybels druk en het R50 000 daarvoor benodig. Voordat die leraar dit die Sondag wou afkondig, het hy besef R50 000 is te min. Hulle het R100 000 gekort. Hy het dit vir die gemeente gesê en die volgende Sondag ’n spesiale offergawe laat opneem. Toe hulle die geld tel, was daar presies R100 000!

Jy het die Here vir alles in jou lewe nodig: elke asemteug, elke hartklop, elke tree, elke krieseltjie brood.[52] Ons besef dit nie, want ons tel nie elke dag manna op in die woestyn nie. Ons het genoeg kos, geld en petrol vir ’n maand. Daarom raak ons angstig en vertrou ons die Here nie vir ons *daaglikse* brood nie. Dit lei tot ’n afgewaterde verhouding met God.

Hoe kan jy ’n verhouding bou as jy die Here net in ’n krisis vir suiker of petrol vra? Die Here wil hê jy moet Hom elke dag vir jou behoeftes vra.

---

[51] 2Tess. 3:6-15.
[52] Joh. 15:5, Hand. 17:25, 28.

Dit geld ook as jy ryk is. Dank die Here vir sy voorsiening. Erken dat alles wat jy het van Hom af kom. Bely dat jy Hom nodig het en besef dat Hy jou rykdom in 'n oogwink kan wegvat. Gebruik jou rykdom om ander te dien.

Ek bedoel nie jy mag nie spaar of vir die toekoms beplan nie. Tekste soos Spr. 6:6-8 en 13:22 prys mense wat geld spaar en beplan. Moet net nie op jou rykdom vertrou nie, maar rus in die Here met die wete: Hy sal jou nie tot more laat wag as Hy jou vandag kan help nie.[53] Net so sal Hy jou ook nie noodwendig vandag help as jy sy hulp eers more benodig nie. Wag op die Here en vertrou sy tydsberekening—dit is perfek. Hy sal jou nooit in die steek laat nie: "Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie." (Ps. 37:25).

Het die Here jou al in die steek gelaat? Party mense sal sê Hy het. Tydens my studentedae het ek R20 vir 'n taak benodig. Ek het nie geld gehad nie en het daarvoor gebid. Toe die dag aanbreek, het ek nog steeds geen geld gehad nie en die taak gedruip. Vir baie jare het ek dit nie verstaan nie. Eers later toe onthou ek dat ek op daardie tydstip sonde in my lewe gekoester het.

---

[53] Matt. 6:11, 7:9-10, Spr. 3:27-28.

Hoekom sal die Here na my luister as ek nie na Hom wil luister nie?

> "As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie." (Ps. 66:18).
>
> "Die offer van die goddelose is vir die Here 'n gruwel, maar die gebed van die opregtes is Hom welgevallig... Die Here is ver van die goddelose, maar die gebed van die regverdiges hoor Hy." (Spr. 15:8, 29).
>
> "Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel." (Spr. 28:9).
>
> "Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie." (Jes. 59:1-2).
>
> "Daarom, soos Hy geroep en hulle nie gehoor het nie—so sal hulle roep, maar Ek nie hoor nie, het die Here van die leërskare

gesê." (Sag. 7:13).

Soms antwoord die Here nie ons gebede nie, omdat ons nie glo Hy kan, wil of sal ons help nie; ons probeer onsself uithelp: "En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë... julle het nie, omdat julle nie bid nie." (Jak. 1:5-8, 4:2).

Ander kere bid ons met verkeerde motiewe: "Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring." (Jak. 4:3). Jy kan net sowel jou eggenoot vir geld vra om 'n prostituut te besoek! Moenie die Here beskuldig nie. Ondersoek jou hart en jy sal sien die fout lê by jou. Ek het mense al gehoor sê dat hulle sukkel om uit te kom, maar hulle ry 'n nuwe kar. Jesus sê bid vir jou daaglikse *brood*; nie jou daaglikse *swartwoud koek* of *biltong* nie.

"Ons daaglikse brood" verwys na dit wat jy nodig het om te oorleef: reën, kos, klere en 'n

blyplek.[54] Soms gee die Here meer, sodat ons dit kan geniet en met ander kan deel.[55] Dit beteken nie jy sal elke dag vleis hê nie. Enigiets buite die hel is genade. Dank die Here vir wat jy het. Paulus sê: "...ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." (Fil. 4:11-13).

Daar het jy die sleutel tot vergenoegdheid: wees versadig in Christus as die geestelike Brood wat ons siele versadig.[56] "Smaak en sien dat die Here goed is" (Ps. 34:9). Doen dit deur geloof wanneer jy die nagmaal gebruik. Die ou Engelse prediker, Richard Sibbes, stel dit soos volg: "God helps the soul with the senses; Christ, as it were, in the sacrament (die nagmaal) enters through the senses more lively than in the preaching of the Word, for there He enters in by

[54] Matt. 6:25-34, 1Tim. 6:8.
[55] 1Tim. 6:17-19.
[56] Jes. 55:1-2, Joh. 6:35.

the ears, but in the sacrament He is seen, tasted, handled, felt."[57]

Sibbes tydgenoot, Thomas Watson, sê: "In prayer, we draw nigh to God; in the sacrament, we become one with Him. In prayer, we look up to Christ; in the sacarament, by faith, we touch Him. In the Word preached, we hear Christ's voice; in the sacrament we feed on Him."[58]

Eet deur geloof van Jesus as jy sy Woord hoor. Job 23:12 sê: "I have not departed from the commandment of his lips; I have treasured the words of his mouth more than my portion of food." (English Standard Version).

Ons lewe nie van brood alleen nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God kom.[59] Vra die Here daagliks daarvoor en sê: "Gee ons vandag ons daaglikse brood".

---

[57] Richard Sibbes, *Josiah's Reformation* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 2011 [1629]), 92.
[58] Thomas Watson, *The Ten Commandments* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1959, 1965 [1692, 1890]), 223.
[59] Matt. 4:4.

“en vergeef ons ons skulde, soos
ons ook ons skuldenaars vergewe”.

ꕥ

(Matteus 6:12).

6
Is dit nodig dat jy jou sonde bely?

Joseph Prince is van mening jy hoef nie jou sonde te bely om vergewe te word nie, aangesien dit nie jou verhouding met die Here beïnvloed nie.[60] 1Joh. 1:5-10 sê egter:

> "En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van

[60] Joseph Prince, *Destined to Reign* (Tulsa, Oklahoma: Harrison House Publishers, 2007, 2011), 53.

> alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie."

Prince sien dit nie so nie, maar sê Johannes skryf vir vals leraars. Bogenoemde verse geld vir hulle en nie vir ons nie.[61] Johannes dink egter nie so nie. Hy rig sy brief aan gelowiges: "My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle... Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God..." (1Joh. 2:1, 5:13).

Die konteks van die verse onder bespreking, wys dat Johannes vir Christene skryf. Hy sê hulle het gemeenskap met die Vader en die Seun.[62] Sonde verhinder hierdie gemeenskap.[63] As jy sê jy het geen sonde nie, bedrieg jy jouself en noem jy God 'n leuenaar.[64] As jy jou sonde bely, sal Hy jou vergewe en jou hart reinig.[65]

---

[61] *Ibid.*, 53-4.
[62] 1Joh. 1:3.
[63] 1Joh. 1:6.
[64] 1Joh. 1:8, 10.
[65] 1Joh. 1:7, 9.

Wat is die slotsom? Dit staan soos 'n paal bo water: jy moet jou sonde bely. As jy dit nie doen nie, word jy nie vergewe nie. Waarom anders het Dawid Psalm 51 geskryf? Hoekom is die volgende tekste in die Bybel?

> "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed. My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely; en Ú het die ongeregtigheid van my sonde vergewe." (Ps. 32:1-5).

> "Ja, my ongeregtigheid bely ek, ek is bekommerd oor my sonde." (Ps. 38:19).

> "Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind." (Spr. 28:13).

Jesus sê jy moet jou sonde bely: "en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe." (Matt. 6:12). Dit is jammer dat Prince nie hierdie vers aanhaal of dit verduidelik nie, tog verstaan ek sy dilemma: hoekom moet ons ons sonde bely as Jesus reeds daarvoor betaal het?

Party van die kerkvaders sou sê: "Sodra jy tot bekering kom, vergewe God jou sonde van die verlede. Wat jy egter in die toekoms gaan doen, is nie vergewe nie, daarom moet jy dit bely."

Is dit waar? Nee. 1Joh. 1:7 sê die bloed van Jesus reinig ons van *alle* sonde. Dan is mnr. So-en-so verkeerd as hy sê: "Christene sal geoordeel word vir die sonde wat hulle nie bely het nie." Dit is nie wat die Bybel sê nie: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en *kom nie in die oordeel nie*, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe." (Joh. 5:24, eie beklemtoning).

God sal sy kinders se dienswerk *beoordeel*,[66] maar hulle nie vir hulle sondes *veroordeel* nie. Dit het Hy reeds deur Jesus aan die kruis gedoen: "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie" (Rom. 8:1).

---

[66] 1Kor. 3:10-15.

As God ons nie gaan oordeel nie, hoekom bely ons ons sondes?

Laat ek dit so verduidelik: deur geloof beskou God sy Seun se perfekte lewe as joune en jou sonde as syne (Jesus het die wet in jou plek gehoorsaam en jou sondeskuld aan die kruis betaal).[67] Teoloë noem dit *regverdigmaking*. Deur Jesus vergewe God al jou sondes van die verlede, hede en toekoms.[68] Hy skryf dit nie weer op jou rekord as jy verkeerd doen nie, maar dit besoedel jou hart en versteur jou verhouding met Hom. Daarom moet jy jou sonde bely, sodat Hy jou kan vergewe en jou hart kan reinig.[69] In teologie noem ons dit *heiligmaking*. Dit is wat Jesus met Joh. 13:10 bedoel het: "Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie..."

Ons kan ook 'n finansiële beeld gebruik: Jesus het jou skuld gedelg en sy oneindig genade in jou rekening inbetaal. Wanneer jy sondig, kan jy met die bankkaart van belydenis God se vergifnis trek. Daar is genoeg genade in jou rekening. Jy hoef nie te vrees nie: jy sal nie die

---

[67] Rom. 3:22, 2Kor. 5:21, Fil. 3:9, Kol. 2:14.
[68] Rom. 4:7-8, 1Joh. 1:7.
[69] 1Joh. 1:9.

rekening uitput nie—God se genade is meer en groter as jou sonde.[70]

Beteken dit ons kan opsetlik aanhou sondig? Inteendeel: "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 6:1-2).

God wil nie hê ons moet sondig nie, maar as ons sondig, is daar vir ons vergifnis: "My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige." (1Joh. 2:1).

Johannes verwys hier na Vaderlike vergifnis eerder as na geregtelike vergifnis. Wat is nou juis die verskil? Laat ek dit aan hand van 'n illustrasie verduidelik:

Barry is 'n 19-jarige, ouerlose straatkind. Hy het die magistraat se kar gesteel en aan onwettige handelaars verkoop. Toe die polisie hom na 'n jaar vang en voor die hof bring, het die magistraat hom 'n boete van R2 miljoen of 10 jaar tronkstraf opgelê. Goedgunstiglik het die magistraat Barry se boete betaal en hom as sy kind aangeneem. Dit het die verhouding van 'n regter-misdadiger na 'n pa-seun verhouding verander. Barry kon dit nie glo nie en was die

[70] Rom. 5:20.

magistraat ewig dankbaar. Hy het sy skelmstreke gelos en sy bes gedoen om sy nuwe pa tevrede te stel.

Tog was hy nie sondeloos nie. Partykeer het hy nog verkeerd gedoen. Dit het sy pa bedroef, maar hy het Barry nie onterf nie. Hy het hom getugtig en die saak met hom bespreek. Dit het Barry se hart so bedroef dat hy altyd sy sonde bely en om vergifnis gevra het. Sy pa het hom elke keer vergewe. Dit was nie meer geregtelike vergifnis soos in die verlede nie, maar vaderlike vergifnis om die verhouding te herstel.

Ek is seker jy verstaan die illustrasie en kan sien dat Joseph Prince verkeerd is. God wil hê jy moet elke dag jou sonde bely. Moenie soos Miems wees nie, maar soos Rita. Miems laat haar skuld vir ’n jaar ophoop voor sy dit betaal; Rita betaal dit elke maand. Miems laat haar skottelgoed ophoop; Rita was haar eetgerei dadelik.

Moenie jou sondeskuld vir weke laat ophoop nie, maar bely dit elke dag: “gee ons *vandag* ons daaglikse brood; *en* vergeef ons ons skulde...” (Matt. 6:11-12, eie beklemtoning).

Die koppelwoord *en* beteken jy moet jou sonde so dikwels bely as wat jy vir jou behoeftes bid, dit is elke dag. Moenie eers jou sonde bely as jy tien treë van die hel af is nie; doen dit

daagliks. Bely dit as jy die nagmaal gebruik. Moenie die brood en die beker oorslaan, omdat jy onwaardig voel nie. Jesus het juis vir onwaardige mense gesterf en die nagmaal ingestel, sodat jy jou lewe kan ondersoek en jou sonde kan bely.[71]

Doen dit, al is dit nie nagmaal nie. Vra die Here om jou hart te ondersoek en vir jou te wys waar jy gesondig het.[72] Bely jou sonde so spesifiek as moontlik.

Wat as iets ek vergeet en van sekere dinge nie bewus is nie? Ook hiervoor het die Here Jesus Christus voorsiening gemaak. Aan die kruis het Hy gesê: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." (Luk. 23:34). Daarom kan jy bid: "Wie het insig in sy onbewuste dwalings? Spreek my vry van verborge sondes!" (Ps. 19:13, 2020 Vertaling).

Bely jou sonde, maar moenie daarop fokus nie. Fokus op die kruis en sê dankie dat God bereid is om jou te vergewe. As jy op jou sonde fokus, sal jy depressief raak. As jy op die kruis fokus, sal jy God se vrede ervaar. Die ou Skotse prediker, Robert Murray McCheyne sê: "For every look at yourself, take ten looks at

---

[71] 1Kor. 11:28, 31.
[72] Job 34:32, Ps. 139:23-24.

Christ."[73] Buite Hom is daar geen vergifnis nie, daarom moet jy jou sonde aan Hom bely. Moet jouself nie verskoon of jou sonde probeer regverdig nie. Moenie ander mense of jou omstandighede die skuld gee nie. Bely jou sonde en erken jy was verkeerd. Moenie sê jou baas *maak* jou kwaad of jou huwelik *dryf* jou tot drank nie. Moenie jou kort humeur aan jou Ierse bloedlyn toeskryf of sê jou ouers het jou nie reg opgevoed nie. Moenie sê die Here wil jou nie help om pornografie te oorwin nie. Moenie sê jy het 'n demoon van wellus en kan nie help om te kyk nie. Moenie jou woede op 'n ooraktiewe skildklier of ongebalanseerde hormone blameer nie. Moenie sê jou pille maak dat jy vloek nie.

Al hierdie dinge speel 'n rol, maar niemand maak dat jy sondig nie. Die sonde is in jou eie hart. Omstandighede, pille, demone en mense bring dit net na die oppervlak. Bely jou sonde en vra vir vergifnis. Doen dit, want jy het die Here se gebod oortree. Jou sonde was nie hoofsaaklik teen Piet of Sarie nie, maar teen die Here: "Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou." (Ps. 51:6). Moenie

---

[73] Andrew A. Bonar, *The Life and Remains, Letters, Lectures and Poems of the Rev. Robert Murray M'Cheyne* (New York: Robert Carter & Brothers, 1866), 220.

jou sonde teenoor 'n menslike priester bely nie, maar bely dit voor die Here. Hy alleen is die Middelaar wat vir ons intree, "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus" (1Tim. 2:5).

Jou belydenis deur Hom beteken jy hoef jouself nie te vergewe nie. Baie mense dink hulle moet, maar God alleen kan ons sonde vergewe.[74] Selfs as jy dit kon doen, help dit nie jy vergewe jouself as die Here jou nie vergewe nie. As Hy jou vergewe, hoekom wil jy jouself vergewe? Glo jy nie God se vergifnis is volmaak nie? Wil jy iets byvoeg?

Moet die Here nie bedroef soos Josef se broers hom bedroef het nie. Sewentien jaar na hy hulle vergewe het, wou hulle dit nog steeds nie glo nie, daarom het hulle hom weer om vergifnis gevra. Hierop het Josef hartseer geword en gesê: "Ek het julle vergewe."[75]

So sê die Here: "So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons." (Ps. 103:12). "Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp." (Miga 7:19).

---

[74] Mark. 2:7.
[75] Gen. 50:15-21.

Glo God se Woord! Moet jouself nie kasty as Hy jou reeds vergewe het nie. Moet jouself ook nie vir jou voorouers se sondes kasty nie. Wie se skuld is dit dat jou pa en oupa apartheid voorgestaan het: joune of hulle s'n? Hulle s'n. Hoekom wil jy hulle sonde bely? "Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees." (Eseg. 18:20).

Jy moet net ander se sonde bely as jy dit jou eie maak: "en vergeef *ons ons* skulde, soos *ons* ook *ons* skuldenaars vergewe". As jy nie in ander se sondes deel nie, hoef jy dit nie te bely nie. Jesus sal jou nie saam met die skuldiges straf nie. Vir jou sê Hy: "En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom... Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is." (Op. 2:24-25, 3:4).

Dalk is jy nie onskuldig nie. Vra soos Nehemia vergifnis dat jy jou voorouers se sonde aangeneem het, dan sal die Here jou vergewe.[76] Dit geld net as jy ander mense vergewe: "en vergeef ons ons skulde, *soos* ons ook ons skuldenaars vergewe". Wat beteken dit?

In Matt. 18:21-35 vertel Jesus ons van 'n man wat die koning tien duisend talent geskuld het (een talent is twintig jaar se salaris!). Toe hy die koning vir grasie vra, het die koning hom jammer gekry en sy skuld afgeskryf. Toe hy egter by die paleis uitstap, sien die man iemand wat hom 'n honderd denarii skuld (een denarius is 'n arbeider se dagloon). Hy het hom aan die keel gegryp en hom gewurg. "Gee my geld!" het hy gesê. Die skuldenaar het vir uitstel gevra, maar die man het geweier en hom laat arresteer. Daarop het die koning die slegte man in die tronk toegesluit en gesê hy sal daar bly tot hy die laaste sent van sy skuld betaal het. "So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie." (Matt. 18:35).

Is jy bitter teen iemand en tog verwag jy die Here moet jou vergewe? Hy sal nie: "en vergeef ons ons skulde, *soos* ons ook ons skuldenaars vergewe". Wil jy hê die Here moet jou vergewe

[76] Neh. 1:6.

soos jy ander mense vergewe? Onthou, jou sonde teen die Here is baie groter as ander mense se sonde teen jou. Net soos Hy jou vergewe het, kan jy hulle vergewe: "...vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het." (Ef. 4:32).

Wat baat dit jou om 'n wrok te koester? Dit sal jou net siek maak en jou verhouding met die Here benadeel: "'n Kalm hart gee lewe aan die liggaam, maar naywer is verrotting in die gebeente." (Spr. 14:30, 2020 Vertaling).

"Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—sodat julle gebede nie verhinder mag word nie." (1Pet. 3:7).

Dit is belangrik dat jy ander mense vergewe. Dit is belangrik dat jy jou sondes bely. Die een kan nie sonder die ander nie, al sê Joseph Prince belydenis is onnodig, en al sweer jy in jou hart: "Ek sal my skoonma nooit vergewe nie." Wie dit sê, teken sy eie doodsvonnis, "want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie." (Matt. 6:14-15).

“en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk
en die krag en die heerlikheid
tot in ewigheid. Amen.”

ꕥ

(Matteus 6:13).

7
’n Gebed vir beskerming

John Bunyan het *The Pilgrim’s Progress* 350 jaar gelede geskryf. Die boek is in meer as 200 tale vertaal en is een van die wêreld se topverkopers. Baie mense ken die boek, maar min mense weet iets van John Bunyan.

Bunyan was die leraar van ’n onafhanklike Evangeliese gemeente in Bedford, Engeland. Kort na sy bekering het hy intense versoekings beleef. ’n Vloedgolf van lasterlike gedagtes het deur sy kop gespoel: “Bestaan God regtig? Is die Bybel nie dalk ’n bedrogspul of ’n fantastiese fabel nie? Wie sê Christene is reg oor Jesus? Dalk is Islam reg oor Mohammed. Almal dink sy godsdiens is reg; wat laat jou dink joune is reg?”

So het die duiwel vir Bunyan laat twyfel. As gevolg van die gedagtes, het Bunyan gedink hy het die onvergeeflike sonde gepleeg. Hy wou sy sonde bely, maar Satan het hom aan Heb. 12:17

herinner: “Want julle weet dat [Esau], toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer.”

Die aanvalle was lank en intens. Daar was skaars een dag in ’n maand waarin hy nie versoek is nie. Soms het die duiwel hom tot twintig keer per uur aan Heb. 12:17 herinner. Die versoeking het vir twee en ’n half jaar aangehou. Bunyan was oortuig sy kanse op redding is verby.

Stadig maar seker het die Here hom uit die versoeking gelei.[77] Hy sê: “[N]ow did my chains fall off my legs indeed. I was loosed from my afflictions and irons; my temptations also fled away.”[78]

Eers later het hy besef hoekom die versoeking so intens was: “...I did not, when I was delivered from the first temptation, still pray to God to keep me from the temptations that were to come.”[79] Hy het met ander woorde Matt. 6:12 gebid, maar nie Matt. 6:13 nie. Soos jy daagliks vir jou behoeftes bid en jou sonde bely, moet jy daagliks vir beskerming bid: “gee ons

---

[77] John Bunyan, *Grace Abounding to the Chief of Sinners* (Springdale, Pennsylvania: Whitaker House, 1993), 55, 76, 79, 118-36.
[78] *Ibid.*, 133-4.
[79] *Ibid.*, 137.

vandag ons *daaglikse* brood; *en* vergeef ons ons skulde... *en* lei ons nie in versoeking nie".

Dit is goed om jou sonde te bely, maar dit is beter om glad nie te sondig nie. Daarom moet jy die Here vra om jou te beskerm: "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie." (Matt. 26:41). So gebruik jy die wapenrusting van God: "Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel... terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges" (Ef. 6:11, 18).

Sonder gebed is jy soos 'n selfversekerde kleuter wat dink hy het nie sy ouers se hulp nodig om sy veters vas te maak nie. Moenie so wees nie, maar erken dat jy swak is en die Here se hulp benodig. Vertrou Hom om jou van die versoeking weg te lei en vir 'n oop deur om dit te weerstaan: "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra." (1Kor. 10:13).

God, nie die duiwel nie, is in beheer. Satan kan jou nie versoek soos en wanneer hy wil nie,

maar kan net doen wat die Here hom toelaat.[80] Bely dit en erken dat jy die Here nodig het. As jy in jou eie krag probeer staan, sal jy soos Petrus val.[81] As jy nie reeds elke dag vir beskerming bid nie, wil ek jou aanraai om dit te doen; vir jouself en vir ander: "en lei *ons* nie in versoeking nie". Om vir ander te bid, help dat jy nie so gou moedeloos raak nie. Jy besef jy word nie alleen versoek nie:

"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is." (1Pet. 5:8-9).

Jy is nie die eerste Christen ooit wat tydens jou stiltetyd, die prediking en gemeentesang met vuil- of bitter gedagtes versoek word nie. Dit het al met ander gebeur. Bid dan teen die duiwel se aanslae en staan hom met die Here se krag teë: "...word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte." (Ef. 6:10).

Om die duiwel effektief te weerstaan, moet jy versoeking verstaan. Toe ek my bediening begin, het ek dit nie verstaan nie. Na drie jaar in

---

[80] Job 1-2, Luk. 22:31-32.
[81] Matt. 26:33-35, 40-41, 43, 45, 56, 69-75.

die bediening, het ek 'n tyd van intense versoeking beleef. Gedagtes van diefstal, moord en egbreuk het my soos golwe getref. Meer as 'n dekade later is ek versoek om God se bestaan en die waarheid van die Bybel te betwyfel. Hierdie ervarings het my gehelp om Heb. 2:18 beter te verstaan, naamlik dat versoeking 'n tipe lyding is.

Nog 'n les: versoekings wat jou onverwags oorval, is nie sonde nie.[82] Jesus is versoek, maar het nie gesondig nie.[83] Moenie na die duiwel luister as hy jou versoek en dan laat skuldig voel omdat jy versoek is nie. Net as jy die versoeking verwelkom en daaraan toegee, sondig jy; of as jy die Here blameer, asof Hy jou versoek het! Jakobus sê: "Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie." (Jak. 1:13).

Die gebed dat God ons nie in die versoeking lei nie, beteken nie Hy kán ons versoek nie. Dit beteken dat Hy ons soms in situasies lei waar die duiwel ons versoek: "Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel." (Matt. 4:1).

---

[82] Vergelyk Matt. 6:12 en 13.
[83] Matt. 4:1-11, Heb. 4:15.

Bid dat God jou nie in ’n situasie sal lei waar die duiwel jou oorheers nie. Waar die Here wel toelaat dat die duiwel jou versoek, wil Hy jou karakter vorm, jou geloof suiwer en jou vir groter dienswerk in sy koninkryk voorberei. So was dit vir Petrus en Paulus:

> “En die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.” (Luk. 22:31-32).

> “En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaringe nie sou verhef nie, is my ’n doring in die vlees gegee, ’n engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie. Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk. En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek

sterk." (2Kor. 12:7-10).

As God jou geroep het en jy Hom liefhet, sal Hy sorg dat alles (ook jou versoekings) tot jou voordeel uitwerk.[84] Let op die voorwaarde: jy moet aan God behoort en Hom liefhê. Om teen versoeking te bid en dit nie te vermy nie, is soos om jou kinders sonder warm klere skool toe te stuur en te bid dat hulle deur die winter gesond bly.

Net so help dit nie jy bid teen die versoeking om te skinder as jy by skinderbekke kuier nie. Wat help dit jy bid teen die versoeking om pornografie te kyk as jy laatnag alleen op die internet is? Wat help dit jy bid teen die versoeking om dronk te word as jy 'n yskas vol drank het? Wat help dit jy bid teen die versoeking om bitter te wees as jy oor jou vyande dagdroom? Wat help dit jy bid teen die versoeking om hoogmoedig te wees as jy oor jouself en jou talente spog?

Bid teen die versoeking, maar doen ook jou beste om dit te vermy. Rom 13:14 sê: "Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."

---

[84] Rom. 8:28.

Om die duiwel te vermy, moet jy sy taktiek ken soos 'n professionele sportman sy opponent se sterk- en swakpunte ken. Met verwysing na die duiwel sê Paulus: "ons is met sy planne nie onbekend nie." (2Kor. 2:11). Wat weet jy van die duiwel: wie is hy en hoe werk hy? Die antwoord op hierdie vrae lê nie in okkultiese boeke nie. Die duiwel sal nie sy geheime weggee nie. Lees die Bybel om te weet wie hy is en hoe hy jou versoek.

Verstaan in die eerste plek dat die duiwel nie Jesus se gelyke is nie. Hy is nie 'n slegte god, terwyl Jesus die goeie Een is nie. Die duiwel is geen god nie, al dink hy so.[85] Hy is 'n gevalle engel.[86] Jesus het hom en sy magte aan die kruis oorwin, daarom is hulle bang vir Hom.[87]

Wanneer jy teen versoeking bid, onthou dat "Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is." (1Joh. 4:4). Vra die Here om jou van die duiwel se vangnet te bewaar:

"Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes... Op

---

[85] 2Kor. 4:4.

[86] Eseg. 28:12-17. Esegiël praat van die koning van Tirus, maar uit Dan. 10:13, 20-21 weet ons bose magte staan agter slegte wêreldheersers. 1Tim. 3:6 bevestig die duiwel se hoogmoed het hom tot 'n val gebring.

[87] Gen. 3:15, Ef. 4:8, Kol. 2:15, Heb. 2:14-15, 1Joh. 3:8, Jak. 2:19.

die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap." (Ps. 91:3, 13).[88]

Onthou net, die duiwel is nie jou enigste vyand nie. Jou vlees of sondige begeertes en die wêreld is nog vyande vir wie jy moet lig loop.[89] Saam met die duiwel vorm hulle 'n onheilige drie-eenheid wat jou wil vernietig. Bid teen hulle: "en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose."

Hoe versoek die duiwel, die vlees en die wêreld ons? Van die begin af is Satan die meesterbrein agter ons versoekings.[90] Hy het Eva versoek om oor haar man die leiding te neem en doen dit steeds deur feminisme.[91] Soos ateïste en liberale teoloë trek hy God se Woord in twyfel.[92] Hy ontken die Skrif of hy gee sy eie interpretasie daarvan.[93] Hy oortuig jou dat hy jou voordeel soek en jou belange op die hart dra; dat die Here goeie dinge van jou wil weerhou.[94] Hy sê daar is geen gevolge vir sonde nie:[95] jy kan rondslaap en

---

[88] Luk. 10:17-19, Joh. 17:15, 2Tess. 3:3, 2Tim. 4:18.
[89] Ef. 2:1-3, Jak. 1:14-15.
[90] Gen. 3:1-6.
[91] Gen. 3:1, 6.
[92] Gen 3:1.
[93] Gen. 3:4-5.
[94] Gen. 3:1, 4-5.
[95] Gen. 3:4.

jou baba se lewe beeïndig; dit is immers jou liggaam, jy kan daarmee doen wat jy wil. Hy sê jy is jou eie gesag; die kaptein van jou eie skip. Jy het nie 'n God nodig nie.[96]

Moet hom nie glo nie. Joh. 8:44 sê "[h]y was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan."

Die duiwel gebruik ook graag vals leraars.[97] Hulle is nie onskuldig nie, maar werk vrywillig saam met hom.[98] Die wêreld doen dieselfde: soos zombies volg hulle hom en raak in sy skoot aan die slaap.[99] As jy nie by hulle inval nie maar hulle sonde uitwys, hits die duiwel hulle teen jou aan.[100]

Verstaan jy hoekom jy moet bid dat God jou teen die bose bewaar?

God sit op die troon met die duiwel onder sy voete: "Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen." Bely dit opreg en sluit jou gebede so af, dan sal

---

[96] Gen. 3:5.
[97] Ef. 4:14, 1Tim. 4:1-3.
[98] Joh. 6:70-71, 12:4-6, 13:2, 27, Luk. 22:3-6.
[99] 1Joh. 5:19.
[100] 2Tess. 3:2-3, 1Pet. 4:3-4, 5:8, Op. 2:9-10.

jy versterk en vol geloof van jou knieë af opstaan. Met die Here aan jou sy sal jy soos Generaal Christiaan de Wet onstuitbaar wees. Die bose kan jou nie vastrek nie. Selfs as jy by tye voel die bose het die oorhand, sal jy met die Here se krag opstaan en hom met die Swaard van die Gees deurboor.

Jy sal soos Bryan Habana in 2007 se Super Rugby finaal op King's Park in Durban wees: alles het daarop gedui dat die Haaie die trofee huistoe gaan vat, maar 'n paar sekondes voor die einde het Bryan Habana die bal in die hande gekry en 'n drie gedruk. Wat vir die Haaie 'n klinkklare oorwinning was, het in 'n tranedal verander.

Dit geld ook vir die duiwel. Net soos Jesus hom aan die kruis oorwin het, sal Hy Satan onder jou voete vertrap: "En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel." (Rom. 16:20). Jesus het die laaste sê.

“Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.”

ꕥ

(Jakobus 5:13-16a).

8
Seisoene van gebed

John Welch het meer as vier eeue gelede in Skotland gelewe. Soos sy skoonpa, John Knox, wou hy die Kerk in sy tuisland hervorm. Saam met die evangelie was gebed sy grootste wapen. Hy het so baie gebid, dat sy knieë so hard soos 'n bees se horings was. Sy biograaf sê hy het op 'n gewone dag soveel as agt ure gebid.[101]

Ek noem dit, want Jesus se broer, Jakobus, was so. John Foxe sê deur jare van gebed het sy knieë so hard soos 'n kameel s'n geword.[102] Hy het gedurig gebid en wou hê ander moet dit doen. Daarom verwys hy in sy kort brief drie keer na gebed.[103] In die verse onder bespreking

---

[101] John Howie, *The Scots Worthies* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1995 [1870]), 122, 138.
[102] John Foxe, *Foxe's Book of Martyrs* (New Kensington, PA: Whitaker House, 1981), 10.
[103] Jak. 1:5-8, 4:2-3, 5:13-20.

beskryf hy seisoene van gebed: “Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid.”

Ons kla maklik as dinge skeef loop, maar Jakobus sê ons moet bid.

Het iemand jou sleg behandel? Het jou baas jou nie betaal nie? Gaan jy deur een of ander beproewing? Sê dit vir die Here. Hy weet dit reeds, maar Hy wil hê jy moet vir Hom sê.[104] Bid soos Matthew Henry, die Engelse prediker en kommentator uit die sewentiende eeu. Nadat hy een aand beroof is, het hy in sy joernaal geskryf:

> Lord, I thank you
> that I have never been robbed before;
> that although they took my money,
> they spared my life;
> that although they took everything,
> it wasn’t very much;
> that it was I who was robbed,
> not I who robbed.[105]

“Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing.” Dit klink voor die hand liggend, maar hoeveel mense doen dit? As hulle siek is, bid hulle. As

---

[104] Matt. 6:8.

[105] D.A. Carson, *The Sermon on the Mount* (Carlisle, Cumbria: Paternoster Press, 1998 [1978]), 88-9.

hulle gesond word, spog hulle en sê die beste kardioloog in Suid-Afrika het aan hulle gewerk. Dit is 'n hartseer, maar algemene verskynsel.

Jerry Bridges vertel van so iets wat in sy eie land gebeur het: "When one of the American lunar missions was in serious trouble some years ago, the American people were asked to pray for the safe return of the astronauts. When they were safely back on earth, credit was given to the technological achievements and skill of the American space industry. No thanks or credit was publicly given to God. This is not unusual. It is the natural tendency of mankind."[106]

Moenie soos die wêreld wees nie, maar bely eerder saam met koning Dawid:

"Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend." (Ps. 103:1-5).

---

[106] Jerry Bridges, *The Practice of Godliness* (Colorado Springs, Colorado: NavPress, 2001), 101-2.

Niks wat jy het, het jy self gekry nie; elke goeie gawe kom van God af.[107] Prys Hom vir jou genesing, of as jou kind gered word. Moenie een van Kurt Darren se liedjies neurie nie, maar prys die Here met 'n Psalm: "Laat hom psalmsing."

Sê jy jy kan nie, omdat jy siek is? Vra die kerk se ouderlinge om vir jou te bid: "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het."

Jakobus praat nie hier van enige sieke nie, maar van siek gelowiges: "Is daar iemand siek *onder julle*?" (eie beklemtoning). Eintlik gaan dit nie eers oor enige siek gelowige nie, maar oor een wat emosioneel en fisiek uitgeput is. Dit is wat die twee Griekse woorde *astheneō* en *kamnō* in v.14-15 beteken.

Die sieke kan nie kerk toe kom nie, daarom vra hy die ouderlinge moet na hom toe kom. Hy voel te swak om self te bid, daarom vra hy hulle om te bid. Uit die teks lei ons af hy lê plat op sy rug, daarom bid die ouderlinge *oor* hom en vra dat die Here hom *oprig*.

Sien jy Jakobus praat nie van enige sieke nie, maar van 'n spesifieke geval? 'n Diaken kan vir die sieke medisyne of kos vat, maar as geestelike

---

[107] 1Kor. 4:7, Jak. 1:17.

herders moet die ouderlinge (nie die predikant alleen nie) die kranke se siel versorg, hom met olie salf en vir hom bid.[108]

Waarvoor is die olie? In Jakobus se tyd is olie as medisyne gebruik,[109] daarom dink party mense die teks sê ons moet vir die sieke bid en vir hom sy pille gee.

Ek stem saam dat medisyne 'n gawe van God is. Ons kan dit saam met gebed gebruik.[110] Maar is dit wat Jakobus bedoel? Ek twyfel. Olyfolie werk nie vir elke siekte nie, daarom glo ek die letterlike salwing het 'n simboliese betekenis net soos in Mark. 6:13: "En hulle het...baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak."

Die olie wys dat God die sieke afsonder om gebed en genade te ontvang. Die krag lê nie in die olie nie, net soos die genesing van die blinde man in Johannes 9 nie in die modder en spoeg gelê het nie. Dit is God wat ons gebede verhoor. Daarom salf ons die sieke in die Here Jesus Christus se Naam as sy verteenwoordigers. Jesus self staan langs die sieke se bed om hom te genees. Weet vir seker "die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig."

---

[108] Eseg. 34:4, 1Pet. 5:1-3.
[109] Jes. 1:6, Luk. 10:34.
[110] 2Kon. 20:1-7.

Om met geloof te bid, beteken jy weet vooraf en sonder twyfel die Here sal jou gebed verhoor. Ons weet dit, want Mark 11:24 sê: "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry."

1Joh. 5:14-15 sê: "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het."

Om volgens God se wil te bid, moet jy die Bybel bid, dan sal Hy jou gebede verhoor. Dit is onder andere wat Christus bedoel as Hy sê ons moet in sy Naam bid.[111]

Wat as iets nie in die Bybel staan nie? Ons lees nêrens God gaan vir Jan of Sarie genees nie. Hoe bid 'n mens vir so iemand?[112] Die Gees herinner jou aan beloftes waarvan jy vergeet het. Bid daarvoor: "Julle wat die Here herinner aan sy beloftes—moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie" (Jes. 62:6-7).

Soms lê die Here iemand se naam of behoefte op jou hart. Dit het al met my gebeur.

---

[111] Joh. 14:13-14, 15:7, 16, 16:23-24.

[112] Ek het hierdie waarhede geleer by Stuart Olyott in sy boek *Something Must Be Known & Felt* (Bridgend, Wales: Evangelical Movement of Wales, 2014), 117-27.

Ek het ’n beradingkursus geloop en R1000 vir boeke benodig. Ek het vir niemand gesê nie, maar die saak voor die Here gelê. Toe ek van my knieë af opstaan, daag daar ’n vreemdeling by die kerk op en sê: “Ek het jou by ’n begrafnis hoor preek. Die Here het op my hart gelê om vir jou dié koevert te gee.” Toe ek koevert oopmaak, was daar R1000 in!

By ’n ander geleentheid was ek besig om te bid toe ek uit die bloute aan een van ons lidmate dink. Ek het geweet ek moet vir die persoon bid. Die volgende dag bel die vrou my en sê:

> “Het jy gehoor wat gister met my pa gebeur het? Hy het by my suster-hulle in Pretoria gaan kuier en saam met hulle êrens heen gery. Op pad het hulle by ’n vulstasie gestop om ’n draai te loop. My pa het in die kar gebly, maar toe my suster-hulle weer daar kom, was hy weg. Hy het uitgeklim en nie geweet waar hy is nie. Hy het tot by die snelweg geloop en gevra dat iemand hom oplaai. Toe ’n man en vrou by hom stop, toe sê hy hy gaan Durban toe. Toevallig was die mense op pad kus toe. Hulle moes op die N2 afdraai, weet die oom nie waar hy is nie. Hulle het hom voor die Noord/Suidkus-vurk afgelaai. Deur die Here se genade het die

polisie hom gesien en gestop. Hy het nie geweet waar hy is nie, maar hy het my suster se nommer onthou. Die polisie het haar in die hande gekry en gesê hulle het my pa gevind."

Die Here het my gedring om in 'n krisis vir dié familie te bid en Hy het my verhoor.

Soms lei God se voorsienigheid jou om vir iets of iemand te bid. Jy bel vir Hannes, maar op een of ander manier kom jy by Kallie uit. Jy vind uit hy het jou nommer verloor en wou jou redelik dringend in die hande kry. Hy vertel jou van sy situasie. Jy bid vir hom en hoor later die Here het sy probleem opgelos.

Soms antwoord die Here op maniere wat jy glad nie verwag nie.

Charles Spurgeon het een Saterdag aan sy preek gewerk, maar hy kon nie die boodskap kry nie. Hy het die Here vir insig gevra, maar niks het gebeur nie. Sy vrou het voorgestel dat hy gaan slaap en die volgende oggend vroeg opstaan.

Hy het haar gevra om hom wakker te maak, maar iewers na middernag het hy in sy slaap gepraat. Sy vrou het wakker geword en gehoor hy preek in sy slaap. Sy het die belangrike punte vir haarself opgesê en dit met hom gedeel toe hy

wakker word. Hulle het die Here saam gedank en daarna kon hy met vrymoedigheid preek.[113]

"Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer." (Ps. 16:7, Nuwe Vertaling). "mag dit [God se Woord] jou lei as jy wandel, oor jou wag hou as jy slaap en jou toespreek as jy wakker word." (Spr. 6:22).

Moenie vir die Here voorskryf hoe Hy moet antwoord nie, maar bid dit waarvoor jy geloof het en glo Hy sal jou verhoor.[114] "En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig."

Jakobus sê verder: "Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word." Hoe moet ons dit verstaan; wat is die verband tussen siekte en sonde?

Die Word of Faith ghoeroes glo siekte is altyd die gevolg van ongeloof of sonde. Daar is dan ook mense wat enige verband tussen die twee ontken. Die Bybel gee die balans:[115]

"En toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. En sy dissipels vra

---

[113] C.H. Spurgeon, *Autobiography: Vol. 1—The Early Years* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1962), 419-20.
[114] Matt. 9:28-29, 20:32-34.
[115] Job 2:3, 7, 10.

Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word." (Joh. 9:1-3).

Dit beteken nie sonde is nooit die oorsaak van siekte nie. Ps. 38:4 sê: "Daar is geen heel plek in my vlees vanweë u grimmigheid nie; daar is niks gesond in my gebeente vanweë my sonde nie."

In Joh. 5:14 het sonde die verlamde man se siekte veroorsaak: "Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie."

Die Korintiërs het siek geword toe hulle die nagmaal misbruik het.[116]

Hoekom is jy siek? Het jy gesondig, sodat die Here jou tugtig? Dan help dit nie jy sien 'n dokter nie. Koning Asa het probeer; dit het nie gewerk nie: "En in die negen-en-dertigste jaar van sy regering het Asa gely aan sy voete; sy siekte was baie ernstig; maar selfs in sy siekte het hy die Here nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere." (2Kron. 16:12).

As sonde jou siekte veroorsaak, moet jy dit bely, dan sal die Here jou gesond maak: "Selfs as

[116] 1Kor. 11:30.

hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word."

Jakobus bedoel nie jy moet jou sonde teenoor 'n priester, jou predikant, of die gemeente bely nie. Bely jou sonde voor die Here en die persoon teen wie jy gesondig het. Om te bely, beteken letterlik jy stem saam met wat die Here van jou sonde sê.

Moenie jou humeur verskoon deur te sê jy is ongelukkig nie. Noem dit wat dit is; jy het kwaad geword. Moenie jou verslawing 'n siekte noem nie. Moenie jou omstandighede of ander mense vir jou irritasie blameer nie. Moet ook nie jou seksuele sonde afmaak en sê almal doen dit nie. Moet jouself nie regverdig en sê jy het nie bedoel om te vloek nie. Moet jou sonde nie wegpraat en sê: "Ek weet nie wat ek verkeerd gedoen het nie, maar ek is jammer."

Erken jou skuld. Bely waar jy verkeerd was en wees bereid om die gevolge te dra. Dit wys jy het ware berou: "Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood. Want kyk, juis dit, dat julle bedroef geword het volgens die wil van God—wat 'n groot ywer het dit in julle gewerk, ja, verantwoording, verontwaardiging, vrees,

verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is." (2Kor. 7:10-11).

Belydenis is deel van ware gebed. Sonder dit is daar geen vergifnis nie: "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. *As ons ons sondes bely*, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie." (1Joh. 1:8-10).

Is daar 'n sonde wat jy moet bely? Moet jy iemand om vergifnis vra? Hoekom doen jy dit nie dadelik nie? "Laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe." (Matt. 5:24).

As jy Jesus se woorde gehoorsaam, sal jy so vry wees soos iemand wat sy rugsak na 20 km neersit en langs 'n kampvuur ontspan. Jy sal weet die Here het jou sonde vergewe en sal weer jou gebede verhoor.

“Die vurige gebed van ’n regverdige
het groot krag. Elía was ’n mens
net soos ons, en hy het ernstig gebid
dat dit nie moes reën nie, en dit het
op die aarde drie jaar en ses maande lank
nie gereën nie; en hy het weer gebid,
en die hemel het reën gegee en die aarde
het sy vrug laat uitspruit. Broeders, as een
onder julle van die waarheid afgedwaal het
en iemand hom bekeer, laat hy weet dat
die een wat ’n sondaar van sy dwaalweg
bekeer, ’n siel uit die dood sal red
en ’n menigte sondes sal bedek.”

ꕥ

(Jakobus 5:16b-20).

9
Die krag van gebed

Beantwoorde gebed bewys dat God bestaan. Elke ware Christen kan spesifieke voorbeelde hiervan gee. Tydens ’n Sondag biduur het my dogter die Here gevra om nuwe mense aanddiens toe te stuur. “Dalk was hulle al by ander gemeentes waar hulle nie tuis voel nie. Laat hulle asseblief by ons tuis voel en by ons gemeente aansluit,” het sy gesê.

’n Gesin wat al ’n paar keer besoek het, wou na die diens met my praat. “Ons voel so tuis hier en wil graag by die gemeente aansluit. Ons was al by ander gemeentes, maar het nie tuis gevoel nie.” Die Here het my dogter se gebed spesifiek beantwoord.

Soos Hy klein gebede verhoor, verhoor Hy grotes; Hy “wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk” (Ef. 3:20). ’n Insident uit Martin Holdt se

lewe illustreer dit. Een van sy vriende was 'n sakeman in Pretoria. Die man het baie besigheid verloor. In sy benoudheid het hy vir Martin gebel. Martin het sy Bybel by 2Kronieke 20 oopgemaak. Koning Josafat het 'n yslike krisis gehad. Sy vyande uit drie nasies het saamgewerk om hom aan te val. In sy benoudheid het hy 'n vasdag uitgeroep en sy krisis voor die Here gelê: "Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U." (2Kron. 20:12).

Die Here het 'n profeet na hom toe gestuur en gesê: "Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. Trek môre af teen hulle: kyk, hulle kom op met die hoogte Hassis, en julle sal hulle aantref aan die kant van die dal voor die woestyn Jerúel. Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die Here by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die Here sal met julle wees." (2Kron. 20:15-17).

Josafat het die Here geglo en aanskou hoe sy vyande mekaar uitroei.[117] "Kom ons vas soos

[117] 2Kron. 20:22-23.

koning Josafat," het Martin voorgestel. "Kry jou werknemers bymekaar en sê vir hulle aangaan. Vra die Christene onder hulle om te vas. Ek sal 15:00 na jou werk toe kom en iets uit die Bybel deel. Daarna kan ons saam bid en die vas breek met 'n vrugteslaai."

Hulle het dit gedoen. 'n Dag later bel Martin se vriend hom: "Jy sal nie glo wat gebeur het nie! Die Suid-Afrikaanse krieketspan het vir die Internasionale Krieketraad gesê hulle wil my produk gebruik. Die Raad het hulle voorstel afgekeur, nogtans het ek gratis publisiteit op Sky News gekry! Die fone hou nie op lui nie; ons kan nie voor bly nie!"

Gebed het meer krag as wat ons besef. Jak. 5:16 sê: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." Die Grieks kan ook beteken: "Die gebed van die regverdige het groot krag as dit in werking tree." Dit beteken gebed is nie kragtig as net ons boeke daaroor lees nie, maar dit werk as regverdige mense dit toepas.

Wie is regverdig? Almal wat in Christus glo en Hom vertrou: "Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God, *geregtigheid* en heiligmaking en verlossing." (1Kor. 1:30).

Is jy regverdig? Dan verhoor God jou gebede. As Hy jou nie antwoord nie, is jy

onregverdig. 1Pet. 3:12 sê: "Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners."

Soek God se geregtigheid, dan kan jy effektief en met krag bid. Die krag lê nie in jou gebede nie, maar in die God tot wie jy bid. Niks is onmoontlik as jy deur geloof bid nie, want niks is vir God onmoontlik nie.[118] Dit geld vir gewone Christene en nie net vir geestelike supermense nie. "*Elía was 'n mens net soos ons*, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit."[119] Elia het baie wonders verrig,[120] maar net soos ons was hy 'n mens vol gebreke en sonde.[121] God het hom verhoor, nie omdat hy uniek was nie, maar omdat hy as 'n regverdige ernstig gebid het. Hy was soos wyle André Erasmus van wie ek in hoofstuk 1 vertel het.

André het 'n reeks dienste by Martin Holdt se gemeente gaan hou. Die gemeente was verdeeld. Dit het Martin diep bekommer. Hy het

---

[118] Matt. 17:20, 21:21-22, Jer. 32:17, 27, Luk. 1:37, 18:27.
[119] Vgl. 1Kon. 17:1, 18:1, 42, Luk. 4:25.
[120] 1Konings 17-18, 2Konings 1-2.
[121] 1Konings 19, vgl. Hand. 10:26, 14:15.

vir André gevra of hulle oor die saak kan bid. Martin het begin en vir vyf minute gebid. Daarna het André begin. Na ’n halfuur het Martin se knieë seer geraak. ’n Uur en ’n half later het André nog steeds gebid. Na twee ure het Martin se vrou aan die studeerkamer se deur geklop: “Iemand is op die telefoon, Martin.” Dit was 23:00. Een van die faksies het gebel. Hulle het hulle sonde bely en erken dat hulle verkeerd was. Die Here het André se vurige gebed verhoor.

Soos André het Elia ernstig gebid. Hy het hom op Deut. 28:15, 23-24 beroep: “Maar as jy nie luister na die stem van die Here jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal... jou hemel wat bo jou hoof is, sal koper, en die aarde wat onder jou is, yster wees. Die Here sal die reën van jou land poeier en stof maak; van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy verdelg is.”

Deur die geloof en gebed van een man het God ’n land se weerpatrone, infrastruktuur, ekonomie en landbou beïnvloed. Toe Elia drie en ’n half jaar later weer ernstig bid—sewe keer om presies te wees—toe gee die Here reën, gewasse en ’n oes.[122] Toe die Here sê Hy gaan die droogte

[122] Jak. 5:17-18, 1Kon. 18:41-46.

breek, het Elia Hom geglo en nie na die eerste gebed opgehou toe hy geen resultate sien nie.[123]

Laat ons by Elia leer "dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie" (Luk. 18:1). Laat ons by hom leer: die ware God alleen kan reën gee. Selfs toe hulle rebels was, het die Israeliete dit verstaan. In Jer. 14:22 sê hulle: "Is daar onder die nietige afgode van die nasies wat reën kan maak? Of kan die hemel reënbuie gee? Is U dit nie, o Here onse God? En ons wag op U, want U doen al hierdie dinge."

Nòg El Niño nòg die Illuminati beheer die weer. Geen populêre TV-prediker kan vloede of droogtes wegspreek soos hulle voorgee nie. God alleen beheer die weersiklus: "Vuur en hael, sneeu en damp, stormwind wat sy woord volbring" (Ps. 148:8). Dit is Hy "wat reën gee oor die aarde en waters uitstuur oor die velde... wat die hemel met wolke oordek, wat vir die aarde reën berei... " (Job 5:10, Ps. 147:8).

Dit is geen geringe saak nie. Selfs as net 25 mm reën op 260 hektaar val, is dit 65 miljoen liter water! Voor dit gebeur, moet water uit die see verdamp en om partikels met 'n deursnee van 0.00001 cm saampak. Dit is hoe wolke vorm. Die wind waai dit binneland toe en deur sekere magneto-elektriese prosesse pak die druppels

[123] 1Kon. 18:1.

saam. As dit swaar genoeg is, val dit tot op die aarde. Dit moenie so swaar wees dat dit die plante stukkend slaan, of so klein dat dit verdamp voor dit die grond bereik nie. God sorg vir die perfekte balans.[124]

Groot is sy almag en effektief die gebede waarop Hy gunstig reageer. 'n Onbekende prediker genaamd Stephen Gano deel sy belewenis hiervan. In die vroeë 1800's was daar 'n magtige droogte in die noordooste van Amerika. 'n Paar jongmense het gehoor hoe hulle leraar vir reën pleit. Toe hulle by die kerk uitstap, sê hulle: "We must hasten home; for after such a prayer, the rain will overtake us." 'n Uur later het die reën neergesak.[125]

Dit gebeur nie net in die geskiedenis nie. Ek het dit eerstehands ervaar. Mense in ons gemeente het 'n wildsplaas op Thabazimbi gehad. Tydens die droogte in 2015 het die vrou my gevra om ernstig saam te bid dat dit op die plaas sal reën. Al was daar nie 'n teken van reën nie het ek die Here gesmeek en Hom aan Matt. 5:45 herinner: "Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges." Die volgende oggend het die

---

[124] John Piper, *Taste and See* (Sisters, Oregon: Multnomah Publishers, 1995), 24-6.
[125] Iain Murray, *Revival & Revivalism* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1994), 304.

vrou die goeie nuus met my gedeel: “Dit het gereën! Dit het gereën! Dit het gereën!”

In 2016 het dieselfde gebeur. Weerkundiges het gesê ons land se damme sal vyf jaar vat om vol te word. Ek het vir ’n vriend gesê ek gaan oor die droogte preek. Drie dae later het ’n storm uitgebreek. Binne een uur het ons 90 mm reën gehad. My vriend het my ’n boodskap gestuur en gesê: “Waaroor het jy nou weer Sondag gepreek?”

Drie maande later het ons damme oorgeloop.

Die merkwaardigste storie in hierdie verband is van ’n boer in Zimbabwe. Lede van sy familie is in ons gemeente. Hulle vertel dat daar jare gelede ’n droogte in Zimbabwe was. Hulle pa het vir een van sy werkers gesê: “Die tabak op hierdie land gaan vrek; ons moet ernstig vir reën bid.” Nadat hulle gebid het, het die wolke opgebou en net op daardie stuk land gereën. Die boer se seun vertel: “Ek het dit met my eie oë gesien. Mens kon ’n streep trek waar die reën geval het en waar dit droog was.”

Jak. 5:17-18 gebeur vandag nog, daarom glo en bid ek Sag. 10:1 in die droogste tye: “Bid tot die Here om reën in die tyd van die laat reëns; die Here maak die weerligte, en Hy sal aan hulle ’n stortreën gee, plante op die veld aan iedereen.”

Glo jy jou gebede vir reën en ander belangrike sake is so effektief soos Elia s'n? Wys jou geloof en bid. Ene George Müller, uit die negentiende eeu, het dit verstaan. Oor die bestek van sy bediening het hy vir meer as 10 000 weeskinders gesorg. Hy het niemand vir geld gevra nie, maar op die Here vertrou. Om sy geloof te wys, het hy op sy knieë gelewe. Hy het letterlik tienduisende antwoorde op gebed gesien. Hy het geweet waarvan hy praat toe hy sê: "Real faith is manifested by prayer".[126]

God is nie ongewillig om te help nie. Moenie vir een oomblik dink ons gebede bring sy trae, swak arm in beweging nie. Hy is meer as gewillig om ons te help. Eintlik begin ons gebede by Hom. As die Here iets beplan, lê Hy dit eers op ons harte en lei ons om daarvoor te bid.[127] Die Heilige Gees bid Christus se gebede in ons.[128] Wees sensitief vir sy leiding. Bid sy Woord en vir die laste wat Hy op jou hart lê.

---

[126] George Müller, *The Autobiography of George Müller* (New Kensington, Pennsylvania: Whitaker House, 1985), 92.
[127] 1Kon. 18:1, 41-45, 2Sam. 7:27, Eseg. 36:37, Dan. 9:2-3, Sag. 12:10.
[128] Rom. 8:26-27, 34.

Spurgeon sê: "Where God leads you to pray He means you to receive."[129]

Glo jy dit? Of bid jy al vir jare oor 'n saak, maar dit voel of die Here nie antwoord nie? Moenie ophou nie. Bid God se beloftes tot Hy jou gunstig verhoor. Baie mense het al vir dekades gebid en gesien hoe die Here hulle verhoor.

Ernest Reisinger was een van hulle. Ernie, soos hulle hom genoem het, was 'n skatryk Amerikaanse sakeman in die twintigste eeu. Eers toe hy 50 was, het hy 'n predikant geword. Voor hy in die bediening was, het hy sy kinders getrou in die Here se weë opgevoed. Sy seun het tot bekering gekom en 'n diaken in die kerk geword. Later het hy van die Here af weggedwaal, sy vrou gelos en hom aan 'n sondige leefstyl oorgegee. Dit het vir 17 jaar aangehou! Ernie het telkemale met sy seun gepraat en nie opgehou om vir hom te bid nie. Die Here het sy hulpgeroep gehoor en sy seun ten volle in die geloof en die gemeente herstel.[130]

---

[129] Charles Haddon Spurgeon, *Metropolitan Tabernacle Pulpit: Volume 30*, Psalm 10:17: Thought-reading Extraordinary (October 5, 1884). Intyds verkry by https://www.spurgeon.org/resource-library/sermons/thought-reading-extraordinary/#flipbook/.

[130] Geoffrey Thomas, *Ernest C. Reisinger: A Biography* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 2002), 155-67.

Tweehonderd jaar vroeër het ’n bekende sendeling in Indië gaan werk. Sy naam was William Carey en sy seun se naam Felix. Felix het die Here leer ken en Hom getrou gedien. Toe was daar ’n ongeluk: Felix se vrou en kind het voor sy oë in die see verdrink. Felix kon dit nie vergeet nie en het homself aan drank oorgegee. William het baie briewe geskryf om hom na die Here toe terug te roep. Drie jaar later het die Goeie Herder Felix gaan haal en hom teruggebring.[131]

Jakobus sê ons moet hiervoor bid en die verlore skape gaan haal: “Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer, laat hy weet dat die een wat ’n sondaar van sy dwaalweg bekeer, ’n siel uit die dood sal red en ’n menigte sondes sal bedek.” (Jak. 5:19-20).[132]

So het Jesus vir Petrus gesê: “Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.” (Luk. 22:31-32).

---

[131] S. Pearce Carey, *William Carey* (London: The Wakeman Trust, 1993 [1923]), 320-23.

[132] Jakobus sê nie spesifiek ons moet vir die afgedwaalde bid nie, maar die konteks gaan oor gebed.

Laat ons so vir mekaar bid en die verlore skape terugbring. Dit is nie alleen die predikant se plig nie, maar elke gemeentelid s'n. Die Here kan selfs 'n kind gebruik.

Toe Charles Spurgeon 'n kind was, het een van sy oupa se lidmate (mnr. Roads) alewig in die kroeg gaan sit om te drink. Dit het oupa Spurgeon se hart gebreek. Toe Charles sien dat dit sy oupa bedroef, het hy in die kroeg ingestap en vir mnr. Roads gesê: "What doest thou here, Elijah? sitting with the ungodly; and you a member of a church, and breaking your pastor's heart. I'm ashamed of you! I wouldn't break my pastor's heart, I'm sure."

Jong Spurgeon se woorde het mnr. Roads tot sy sinne gebring. Hy het sy sonde aan die Here bely, sy leraar om vergifnis gevra en hom bekeer. Tot aan die einde van sy lewe het hy die Here getrou gedien.[133]

Weet jy van 'n skaap wat afgedwaal het? Jy weet wat jy moet doen: "En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan

---

[133] C.H. Spurgeon, *Autobiography: Vol. 1* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1962), 11-3.

vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar." (Matt. 18:15-17).

Private optrede.

Ondersteunde optrede.

Openbare optrede.

Drastiese optrede.

So het 'n afgetrede leraar dié teks opgesom. Die doel is hier om die oortreder van die verkeerde weg na die regte een toe terug te lei.

Om die stappe bloot klinies te volg, werk nie. Dit is dieselfde as 'n generiese verjaarsdag boodskap van 'n rekenaar af—dit beteken niks. Om iemand van sy sonde en die waarheid te oortuig, moet jy dit sagmoedig en met liefde doen. Paulus sê: "as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus." (Gal. 6:1-2).

Moet dit nie sonder gebed doen nie: "As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee" (1Joh. 5:16a). Dit is hoofsaaklik wat Matt. 18:19-20 beteken; Jesus sê dit in die konteks van dissipline: "As twee van julle

saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie [die twee of drie getuies in v.16 se tugsaak] in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde."

Bid! Bid! Bid! Bid vir die rebelse kind wat niks met die Here te doen wil hê nie. Bid vir die lidmaat wat ontrou geraak het. Bid vir die familielid wat nie meer kerk toe gaan nie. Onthou "dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek."

Bid jy al lank maar wil tou opgooi, omdat dit lyk of die Here nie antwoord nie? In George Müller se leeftyd het 'n vrou vir 38 jaar vir haar man se bekering gebid. Die Here het uiteindelik haar gebede verhoor en haar man gered.[134] Müller self het 52 lank jaar vir iemand se bekering gebid en is verhoor.[135] Veertig jaar na iemand vir 'n man in ons dorp begin bid het, het hy tot bekering gekom.

'n Amerikaanse evangelis uit die 1800's, D.L. Moody, het vir 'n ateïs se bekering gebid. Toe die ateïs dit hoor, het hy gelag. Toe Moody die ateïs 'n jaar later raakloop, vra hy: "Het die

---

[134] George Müller, *Autobiography*, 93.

[135] Andrew Murray, *The Prayer Life* (Springdale, Pennsylvania: Whitaker House, 1981), 123.

Here al my gebed verhoor?" Vol selfvertroue het die ateïs geantwoord: "Daar is geen God nie." Moody het aangehou om vir hom te bid en later gehoor die man het hom van sy ongeloof bekeer en in Christus geglo. Daarna het sewentien ateïste sy voorbeeld gevolg![136]

Vir wie se bekering bid jy? Herinner God aan sy beloftes:[137]

> "Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here Here. Bekeer julle dan en lewe." (Eseg. 18:32).
>
> "Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word." (Joh. 3:17).
>
> "Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom." (1Tim. 2:3-4).
>
> "Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is

---

[136] E.M. Bounds, *Purpose in Prayer* (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House, 1991), 98-9.
[137] Jes. 62:6-7.

> lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom." (2Pet. 3:9).

Moenie net bid dat jou familie saam met jou in die hemel sal wees, of dat hulle nie hel toe sal gaan nie. Bid vir hulle bekering, sodat hulle God kan verheerlik.

Toe 'n sekere ouerpaar in Martin Holdt se gemeente dit doen, het die Here hulle verhoor. Die egpaar het baie lank vir hulle dogter se bekering gebid, maar niks het gebeur nie. Uiteindelik het hulle oor die saak gevas en besef: "Ons bid uitsluitlik vir ons dogter se redding, want ons wil nie hê sy moet hel toe gaan nie. Ons bid nie dat sy haar bekeer, sodat sy die Here verheerlik nie."

Toe die ouers hulle fokus verander, het hulle dogter binne 'n maand tot bekering gekom. So het die Here sy Naam verheerlik: "En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word." (Joh. 14:13).

Slotwoord:
So moet julle bid

Sowat 'n dekade nadat ek my bediening begin het, bid ek: "Here, leer my bid." Onmiddellik onthou ek dat die dissipels Jesus dieselfde gevra het en Hy het hulle die ONSE VADER geleer.[138] Om die ONSE VADER te verstaan, het ek besluit om 'n reeks daaroor te preek en dit as riglyn vir my persoonlike gebede te gebruik. Ek het dit vir twaalf jaar gedoen, totdat ek ernstig siek geraak het. My liggaam kon nie meer die hoë pas van die bediening handhaaf nie en het ingegee. Ons leiers en die gemeente het my en my gesin met verpligte siekverlof wildtuin toe gestuur.

Toe ek die eerste dag in die Laeveld op my rug lê, wonder ek: hoe het ek hier gekom; wat het gebeur? Toe ek die saak met die Here wou deurpraat, het die woorde my ontbreek. Ek het

[138] Luk. 11:1-4.

nie geweet wat om te sê nie. Dit is nie dat ek nie oor die situasie kon bid nie, maar ek kon glad nie *bid* nie. Wat moes ek vir die Here sê? Hoe en waar het my situasie by die ONSE VADER ingepas?

Dit het my laat wonder: het ek Jesus se lering oortree? "En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie" (Matt. 6:7).

Al het ek die ONSE VADER nie as 'n rympie gebid nie, het ek besef ek bid al vir jare dieselfde ding. Ek het in 'n groef verval en het nie meer geweet hoe om te bid nie. Hoe bid mens sonder 'n vasgestelde riglyn? Dit het vir my gevoel of die riglyn my beheer en ek sy slaaf geword het. Maar hoe moes ek anders bid, aangesien die ONSE VADER die model-gebed is?

Ek was verward. Ek het vasgehou aan die teks wat sê in ons swakheid tree die Heilige Gees vir ons in. Al wat ek vir die Here kon sê was: "Help my!"

Toe ek na drie weke van siekverlof af terugkeer, het dinge effens beter geraak—of so het ek gedink! Vir die volgende drie maande het ek wipplank gery. Een dag was ek van die Here se nabyheid bewus; 'n dag later het ek gedink Hy het my vergeet.

Dit was nag.

Na drie maande tel ek eendag 'n boekie van Isaac Watts op.[139] Dit het gevoel of hy my stryd verstaan toe hy oor gebed skryf:

> "The confinement of ourselves to a form...is very apt to make our spirits cold and flat, formal and indifferent in our devotion...in our daily repetition of a form, we neglect due attention to the full sense of the words."[140]

> "He who binds himself always to read printed sermons will not arrive at the art of preaching...nor can the gift of prayer be attained by everlasting confinement to forms...For anyone to set down and satisfy himself with...some prescript form, and to go no futher, is still to remain in his infancy and not to grow up in his new nature."[141]

Ek kon die Here nie genoeg vir Watts se boekie dank nie. Dit het my laat sien oefenwiele is goed, maar iewers moet ek dit van die fiets afhaal en self begin ry. Ek het spontaan begin bid en Watts

---

[139] Isaac Watts, *A Guide to Prayer* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 2001, 2019 [1715]).
[140] *Ibid.*, 43.
[141] *Ibid.*, 45.

se riglyne my eie gemaak. Dit het my bevry. Toe beland ek in die hospitaal...

Daar het ek besef ek het Watts se riglyne my nuwe oefenwiele gemaak. Ek was nie so vry soos ek gedink het nie. Weereens het ek met die Here en met myself geworstel. "Hoe moet ek bid?" Met dié vraag in my hart het ek in die hospitaal se gange rondgedwaal. My siel was verward.

'n Week later is ek ontslaan en weereens het ek geestelik wipplank gery. In my desperaatheid het ek 'n prediker in Engeland gekontak. Ek het vir hom 'n brief geskryf en my storie vertel. Hy het my beleefd geantwoord en onder andere die volgende terug geskryf:

> "Dear brother Ivor, put Isaac Watts back on the bookshelf, tell the Lord *everything* that is on your heart...
>
> There's a lot more that I could say. All you need to know right now is that "This man receives sinners and eats with them" (Luke 15:2)...
>
> With brotherly love,
> Stuart
>
> PS. What has happened to you will probably

turn out to be one of the best things that has ever happened to you..."

Nadat ek sy brief gelees het, het ek my hart voor die Here uitgestort. Dit was deurmekaar en nie geordenen soos in die verlede nie. 'n Gesoute leraar het vir my gesê: "As ek sommige van die Psalmdigters se gebede lees, lyk dit ook nie baie geordenen nie. Hulle stort maar net hulle harte voor die Here uit." Dawid sê ons moet dieselfde doen: "Stort julle hart uit voor sy aangesig!" (Ps. 62:9).

Die aanpassing was moeilik. Iewers langs die pad het ek die ONSE VADER van 'n riglyn in 'n reëlboek verander. Om die patroon elke dag stiptelik na te volg was my doel. Daarsonder het dit vir my gevoel my gebede is onvoldoende.

Jesus se las is lig, maar myne was nie. Ek moes van voor af leer bid. Deur die Heilige Gees het ek na 'n paar maande weer soete gemeenskap met die Vader en die Seun geniet. Nou gebruik ek die ONSE VADER regtig net as 'n riglyn. Nadat ek my hart voor die Here uitgestort het, vra ek vir myself die volgende:

"Onse Vader"
Het ek onthou God is my Vader en ek is sy kind? Het ek vrymoedig tot Hom gebid? Het ek onthou God is die Vader van almal wat in sy Seun glo?

Het ek hulle in my gebede ingesluit?

"wat in die hemele is"
Het ek onthou Hy is hoogverhewe, sodat ek Hom eerbiedig nader?

"laat u Naam geheilig word"
Het ek Hom as die Heilige aanbid en bewonder, en gevra ek wil heilig wees soos Hy heilig is?

"laat u koninkryk kom"
Het ek predikers en sendelinge in my gebede onthou? Het ek vir sondaars se bekering en vir herlewing gebid? Het ek gebid dat Jesus weer sal kom?

"laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde"
Het ek gebid dat ek God se wil in die Bybel sal uitvoer soos die engele in die hemel dit doen?

"gee ons vandag ons daaglikse brood"
Het ek die Here vir sy voorsiening gedank en my daaglikse behoeftes voor Hom gelê?

"en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe"
Het ek die Here gevra om my sonde uit te wys en

dit spesifiek aan Hom bely? Het ek ander mense vergewe?

"en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose"
Het ek vir geestelike beskerming gebid?

"Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."
Het ek met geloof gebid en besef ek bid tot die Erekoning van hemel en aarde?

Hierdie riglyne help my, maar ek moet nog baie leer en daar lê vir my 'n lang pad voor. Vroeg in my bediening het Martin Holdt gesê: "Niemand van ons bid soos ons moet nie; ons moet almal verbeter." Ek het geweet in my eie lewe is daar ruimte vir groei, maar hoekom moes 'n geestelike reus soos Martin Holdt verbeter?

Aanvanklik het ek nie verstaan nie, maar nou weet ek daar is net een Model wie se gebede ons moet navolg: "Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs" (Heb. 5:7).

BID MET SUKSES

Baie van ons het gebedshelde. Buiten vir die Apostel Paulus en John Welch in die 1500's, is wyle Martin Holdt myne. Weens sy kragtige kanselbediening, sy invloed oor die radio en sy prediking in die buiteland, was Martin welbekend onder Christene.

Ek het hom in 1993 by 'n Paaskonferensie hoor preek. 'n Jaar later en weer in 1997 het hy 'n reeks dienste by ons gemeente in Louis Trichardt kom waarneem. Daarna het ek hom gereeld gehoor preek.

Aanvanklik het ek nie geweet waar hierdie Simson se krag lê nie, maar ek het later uitgevind hy is 'n man van gebed. Soos sy hemelse Meester het hy "vroeg in die môre, nog diep in die nag...opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid."

Op sy begrafnis het sy kinders dit bevestig. Een van sy dogters het die gebedseelte op haar pa se elmboë en knieë beskryf. Wie het hom so geleer bid? Ek weet nie. Wat ek wel weet, is alles kom terug na die Here toe. Jesus is die Meester van gebed wat ons deur sy Woord en sy Gees leer bid.

Mag Hy hierdie klein boekie gebruik om weer in ons tyd bidders soos Martin Holdt op te wek.

Ivor Jefferies is die leraar van die Baptistekerk in Kemptonpark. Hy is getroud met Deirdrè en hulle het drie kinders: Nichole, Jennifer en Timothy.